

Voorblad apart agv gekombineerde uitgawe

# GENIET die dae van JOU JONKHEID!

TEMA : Ek is jonk!

## Die jeug...

Wanneer oor die jeug gepraat word, sal mense in ons kerklike kringe verskillend reageer. Die beswaarde bejaarde broeder wat in wysheid en lewenservaring sy grys kop skud en wonder wat daar van "die jeug" tereg sal kom. Die bejaarde dame, wat so jonk al weduwee was, wat met 'n weemoedige glimlag terugdink aan hoe sy geniet het van die drukte wat die jeug met haar jongste kinders in haar huis ingebring het; daardie jeug wie se kinders nou die jeug is en haar almal "Ouma" noem. Of die middeljarige egpaar wat so vreeslik bekommerd was oor hul eie tienerkind en nou met dankbaarheid kyk hoe hy deel van die jeug geword het.

Dalk die kerkraadslid wat hom sorg maak en bekommer oor hoe hy die saak van die jeug se uitspattigheid moet aanspreek.



## Niks nuuts onder die son nie...

So was dit toe en so is dit nou. Daar is niks nuuts onder die son nie, sê die Prediker. En as dit kom by invloed van buite en die moeites om as Christen in 'n korrupte en sondige wêreld jou lewe tot God se eer te leef, dan is dit duidelik dat Prediker geweet het waarvan hy praat: daar is niks nuuts onder die son nie! Dwelms, verkeerde vriende, slegte boeke en prikkelende films. So was dit toe en so is dit nou!

Om met die mense met wie jy saam een Here dien, te sosialiseer, is 'n wonderlike voorreg. Om jeugmaats beter te leer ken by die katkisasie en by jeugvereniging, is verrykend. Meestal is ons al van kleins af na dieselfde skool, saam op katkisasie of Mos-terdsaadjie, ons woon dieselfde Kongres by en kamp saam. En dan dink 'n mens mos jy ken mekaar. Totdat jy langs die vuur staan met 'n biertjie in jou hand en jy kom agter maar jou maat van al die jare is 'n vurige *Arsenal*-ondersteuner! Hoe is dit moontlik? Of hoekom het jy nooit agtergekome dat die maatjie wat altyd langs jou in die kerk gesit het, niks weet van die nuutste

album van *Modern Talking* nie? Of glad nooit die film *Pretty Woman* gesien het nie? Ongelooflik!

**...En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie -...**

Maar wat is nou eintlik belangrik? Kan ons as jeug ook 'n goeie gesprek hê langs die braaivleisvuur? 'n Gesprek wat handel oor die preek wat ons verlede Sondag gehoor het? Of oor die komende gemeentevergadering waar besluit moet word of die gemeente 'n sendeling kan beroep en op hierdie manier die verantwoordelikheid van sendingwerk op haar gaan neem? Dalk 'n gesprek waarin ons mekaar bewus maak van ons verantwoordelikhede as jeug van die kerk – waar staan ons as dit kom by die betaling van dankoffers en 'n skoolbydrae? Is dit werklik nodig om die gemeentevergadering by te woon; ek is dan nog nie eers 18 nie? Wat kan dit saak maak of ek daar is?

Is dit in ons gesprekke duidelik dat ons "dink aan ons Skepper"? Of is dit eerder 'n kwessie van ek dink aan myself en hoe ek my jeug sal geniet?

Is sulke gesprekke ooit nodig? Ons weet mos hoe sake (behoort te) staan? Ons het mos in dieselfde soort huisgesinne grootge-word? Ons was mos almal op dieselfde gereformeerde laer-skool? Ons is nog jonk, ons hoef mos nie nou al oor al die groot-mensdinge bekommerd te wees nie? Daar kom genoeg jare waar al hierdie dinge my sal kwel en slapelose nagte sal gee.

## Jaargang 18 no 6

Junie 2009

- **Geniet die dae van jou jonkheid** ..... 2
- **Die rol van die jeug in die kerk** ..... 4
- **Ons wil weet** ..... 6
- Kerknuus ..... 9
- Jonk, jonger, jongste ..... 12
- Kamp saam met ander gelowiges ... 14
- 'n Persoonlike gesprek ..... 15
- Gereformeerde biblioteek ..... 18
- Regering tot 2014 ..... 19
- Reaksie : Verkiesing 2009 ..... 20
- Reaksie : Verder nadink ..... 21
- Reaksie op reaksie van dr Meijer .... 23
- Boodskap aan die jeug ..... 24
- Boekenuus ..... 27

Sien ons wel raak hoe tweesydig hierdie gedagtes kan wees? Aan die een kant wil ons graag groot wees. Watter belaglike wet sê dat ek eers 18 moet wees voor ek 'n drankie mag koop (en drink!)?

Ons wil ons eie besluite neem oor waarheen ons gaan oor die na-week, met wie ons die tyd deurbring en of ek wel of nie Sondagoggend om 03:00 kan tuiskom. Hoekom mag my pa rook, maar word hy kwaad as ek dit doen en daardeur my longe nie oppas nie?

Aan die ander kant, as dit kom by sake van werklike belang, dan is ons mos nog jeug, dan het ons nog jare tyd om ons later oor die sake te bekommer. Ons beurt sal kom en dan sal ons oor dié sake nadink!

Miskien kan ons leer by die Nederlandse spreekwoord: "jong geleerd, oud gedaan".

**...en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë: maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring.**

As ons Prediker 11:9a aanhaal, vergeet ons maklik die tweede gedeelte van die teks. Dit is maklik om onself te geniet, ons weet hoe om dit te doen. Dit is egter baie belangrik dat ons as jeug ons verantwoordelikheid ken en raaksien.

Hoe belangrik is dit nie dat ons ook as jeug wys dat ons kinders van die ware God is. Deur ons drank(mis)bruik, ons (vuil) taalgebruik, ons uithangplekke, wys ons (on)bewus aan die wêreld daar buite wie ons is. En is dit werklik die beeld wat ons wil uitdra?

Steek daar meer in ons as die flou blondine-grappies wat net-net nog gangbaar is? Is die ouens wat dink dis *cool* om 'n bier meer te drink as sy maat, wys genoeg

om sy suster huis toe te laat bestuur? Is daar meer diepte in die harte van die mense wat luidkeels die Stormers teen die Bulls verdedig (of afkraak)?

Met ons hele hart sê ons JA. Daar steek meer in die jeug as wat aan die oppervlakte sigbaar is.

Was dit nie so toe 'n paartjie onder ons skielik getroud is, omdat hulle luidens die afkondiging "gesondig het teen die sewende gebod" nie? Toe het die jeug spontaan in groot getalle die byeenkoms bygewoon. Naby aan die tyd wat die baba gebore sou word, het die meisies 'n geldinsameling gehou om doeke, komberse en kleertjies te koop. En in die gesprekke is daar nie met hoogmoed verwys na die ander se foute nie, maar in nederigheid erken dat dit eintlik met enige een van ons kan gebeur!

Dit was ook so die keer toe twee jongmans laat een nag (of miskien wel vroegoggend) terugkom het van 'n lekker gesellige kuier en op pad huis toe in 'n ongeluk betrokke was. Toe is daar beurte gemaak om by hulle in die hospitaal te gaan kuier. Toe hulle weer op die been was, maar nog nie self weer kon bestuur nie, is hulle opgelaai op pad na die koffiedrink en weer

veilig tuisgebring. En die gesprekke het nie gehandel oor hoe dit hul eie skuld is omdat hulle (miskien) te veel gedrink het nie, maar oor hoe ons bewus is daarvan dat die Here sy beskermende Hand oor ons hou. Kyk hoeveel keer is die lang N1 tussen Gauteng en Bellville al sonder ongevalle aangedurf.

Miskien kom ons as jeug nie altyd daarvoor uit wat in ons steek nie, maar in ons handelinge sien ons tog die Here in die opvoeding van ons ouers en dat Hy die gemeente seën tot in die duisendste geslag!

**... Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy geboeie; want dit geld vir alle mense.**

As ons terugkyk na ons jeug, besef ons dat die algemene mening was dat ons nog kinders was wat met melk gevoed moes word. Maar ons weet dat ons in sommige gevalle meer volwasse was as wat op die oog af gelyk het. Ons sien dit ook nou weer: kyk met hoeveel ywer sal die jeug betrokke raak by sendingwerk – al is dit net om te help om mense aan te ry kerk toe. Kyk met hoeveel vrymoedigheid die jeug hul vriende van universiteit of kollegas van die werk saamnooi kerk toe.



Ons maak almal foute. Ons val almal in sonde (die jeug en die ouer gemeentelid), maar as ons die Here God vrees en sy gebooië (wil) hou, dan sal ons nie in ons swakheid en sonde bly lê nie, maar opstaan deur die krag van Jesus Christus wat aan die kruis vir ons gesterf het. Dan sal ons uit ons foute leer en daardeur

versterk word, sodat ons al hoe duideliker God se Hand in ons lewens sien en al hoe meer sy Lig na ander laat uitstraal.

Dan was die onbesonnenheid van ons jeug, saam met die sorgvryheid daarvan, 'n fase waardeur ons gegaan het en waarin die Here ons ekstra styf vasgehou

het, sodat ons nou met nuutgevonde rustigheid ons plek kan volstaan in die gemeente en in die gemeenskap.

**Herman en Elsbeth van der Linden**  
*is die ouers van vyf kinders en lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

# Die rol van die JEUG IN DIE KERK

## Vanuit verskillende perspektiewe

### TEMA : Ek is jonk!

Het jy al ooit gedink en gewonder daarvoor waar pas die jonger generasie in die kerk in? Miskien is jy 'n jeuglid in die kerk en die vraag pla jou nou al 'n lang ruk, of miskien is jy 'n ouer persoon en tot nou toe het die jeug nie regtig enige merkwaardige betekenis in die kerk vir jou nie. Dan is hierdie artikel net vir jou. Ons het een ouer persoon en een jeuglid gevra om vir ons te skryf wat hulle dink die rol van die jeug in die kerk is.

Vanuit hulle antwoorde kan ons duidelik sien waar die jeug in die kerk inpas. Die jeug is nie maar net nog 'n element in die kerk nie, nee, elke jeuglid is deel van die liggaam van Christus en elke jeuglid dra by tot die funksionering van Christus se kerk. Die jeug het 'n groot roeping in die kerk – lees meer hieroor in die onderstaande antwoorde.

'n Gevestigde kerklidmaat se antwoord:

#### **Die jeug se rol in die kerk:**

Die Bybel sê in Prediker vir die jongmense dat hulle hul moet verheug in die jare van hulle jonkheid en jeug voordat die jare van verantwoordelikhede en moeities kom. Daar staan selfs dat hulle moet geniet van dit wat hulle oë sien voordat die jare van ligaamlike aftakeling kom! Dus, jongmense, geniet met oorgawe van dit wat die Here julle elke dag gee: jul vriende, jul ouerhuis, en geniet van mekaar in die kerk van Christus.

**Dus: as julle my vra wat die rol van die jeug in die kerk is, sal ek ten eerste sê: wys jul lewensvreugde, jul lewenskrag aan die ouer mense.**

Dit is die een kant van jonkwees en die lewe in die groot gesin van Christus.

Tegelykertyd sê die Bybel dat julle in dit alles wat julle onderneem, ook verantwoordelikhede dra; julle is verantwoordelik vir jul optrede teenoor die Here en teenoor jul naaste in kerk en samelewing. Geniet van alles wat die Here geskape het: die natuur en die tegnologiese wonders van die moderne wêreld waarin julle opgroei. Gaan egter ook verantwoordelik om met hierdie skeppingsgawes, mors daarom ook nie die omgewing op met 'n oormatige verbruikershouding in die gebruik van petrol, energie, produkte, tyd en natuurlike hulpbronne nie, want die Here is van dit alles die Eienaar.

Julle mag lewe en grootword in 'n tyd van ongekende moontlikhede op terreine van wetenskap en tegnologie. 'n Ruimtereis wat vroeër onmoontlik en net 'n fantasie was, is nou moontlik en kan met geld gekoop word. Met die vinger op die rekenaarmuis kan julle die wêreld van oneindige moontlikhede ontdek, ver reise beplan, geld maak, wêreldwyd kommunikeer.

Maar genot en verantwoordelikheid gaan vir die jong Christen saam. En dit is waar my verhaal inkom. Die rol van die jeug in die kerk?

1) Dit beteken aktief deelneem aan Bybelstudie saam met jul leeftydsgenote en ook met ouer mense, sodat jy geleer kan word.

2) Ontwikkel 'n Christelike wêreldbeeld oor terreine soos politiek, wetenskap, filosofie, ekonomie, ens., deur middel van punt 1. Dink aan die geestelike wapenrusting waarvoor Paulus praat in die brief aan die Efesiërs, want die Satan staan op die strand van

die wêreldsee en soek jou gees en hart; nooi kundiges uit om julle hieroor in te lig.

3) Toon betrokkenheid deur barmhartigheid te wys aan die swakkeres in die samelewing, raak betrokke by uitreikingsprogramme, bv. by sendinggemeentes.

4) Moenie dink dat dinge oorsee beter lyk nie, maar wys jou Christelike lewenshouding in jou land Suid-Afrika deur positiewe en konstruktiewe betrokkenheid.

5) Raak betrokke by die swart jeug in die sendinggemeentes en reël minikongresse en jeugkonferensies oor onderwerpe soos bv. regstellende aksie, swart ekonomiese bemagtiging en VIGS.

6) Raak betrokke deur middel van gesprekke en aksies by omgewingsvraagstukke van jou stad en van jou land, want dit is "jou land en jou omgewing" waarin jy en jou kinders gaan lewe!

7) Dink na oor die erediens: word jy "wakker gemaak" en kry jy kos? Of word daar net gepraat oor "geloofs-issues", maar nie oor jou verhouding met jou Skepper nie?

Kortom, as julle my vra oor die rol van die jeug in die kerk, dan sê ek: wees blymoedig en konstruktief betrokke by jou gemeente en omgewing!

**Roel Stolper** is lidmaat van die Vrye Gereformeerde kerk Pretoria.

Die jong lewenslustige kerklidmaat se antwoord:

### **Wat is my rol as jeuglid in die kerk?**

Estelle, Pieter en Jacques is al drie lede van die VGKSA. Estelle is in graad 11 en wonder wat sy na skool gaan studeer. Miskien, dink sy, moet sy eers 'n jaar oorsee gaan werk en daarna besluit. Pieter is tans besig met sy studies aan die universiteit en is hard aan die leer vir die komende eksamen. Hy het groot drome! Sy hele lewe lê immers nog voor hom oop. Jacques het onlangs sy studies klaargemaak en werk op die oomblik. Hy huur 'n woonstel en geniet sy werk.

Drie verskillende jongmense, elkeen met hul verskillende talente en drome. Miskien sien jy jouself in een van hierdie drie jongmense raak. Waar pas jy in? Jou rol as kind in Christus se kerk lyk op die oog af miskien maar onbelangrik. Watter invloed het jy nou regtig? Jy is nog jonk, jy het jou eie drome en is nie te geïnteresseerd in allerlei kerksake nie. Miskien staan jy in Estelle se skoene. Jy gaan skool toe en woon nog by die huis. Dit is amper vanselfsprekend dat jy Sondae saam met jou ouers kerk toe gaan - dit is hoe jy grootgemaak is. Vir jou staan die kerk maar 'n bietjie op die agtergrond. Jy is nog nie

belydende lidmaat nie, en kan daarom nie deelneem aan die Nagmaal nie. Jy is boonop 'n meisie wat geen stemreg in die kerk het nie. Jy is dankbaar om kerk toe te kan gaan, maar verder voel jy eintlik maar 'n bietjie onbetrokke by die kerk.



Jy sou kon voel dat jy as jeuglid op die kantlyn van die kerklewe staan. Tog is ons saam met die ander gelowiges "een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar" (Rom 12:5). Jy vorm deel van hierdie liggaam. In die eenheid wil Jesus Christus, die Hoof van die kerk, jou beskerm, bewaar en onderhou. Maar ons is ook daar om na mekaar se belange om te sien. Ons het mekaar nodig (1 Kor 12:21). Ons is dikwels so besig met ons eie dinge en persoonlike geloofstryd dat ons vergeet dat God my ook in ander mense se lewens wil gebruik, in watter mate ook al. Ons bely in Sondag 21 dat ek my gawes gewilliglik en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede sal aanwend (sien ook Fil 2:4). In Galasiërs 6:10 lees ons: "Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof". Met hierdie ingesteldheid kyk ek dan anders na die mense wat oor my pad kom, binne en buite die kerk.

Om hierdie rede is dit ook belangrik om stil te staan by die beeld wat ons as jeug uitdra. In Matteüs 5:14 lees ons: "Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ". As Christene staan ons in die kollig. Mense rondom jou, binne en buite die kerk, sien hoe jy lewe. Dit kan wees dat die jonger generasie na jou opkyk. Dit kan maklik gebeur dat jy die verkeerde beeld uitdra, somtyds sonder dat jy dit self agterkom. Paulus skryf aan die jong Timótheüs: "Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid" (1 Tim 4:12). Laat ons op ons hoede wees dat ons nie 'n struikelblok vir ander word en God se Naam deur ons toedoen oneer aangedoen word nie!

Verder het ons die voordeel in die eenheid van die geloof om as gelowiges van mekaar te kan leer, jonk en oud. Ons kan met ouer lidmate gesels oor dinge waarmee ons as jeug worstel. Hulle kan uit hulle ervaring aan ons onderrig gee en aan die hand van die Bybel dinge uitlê. Maar ons moet ook gretig wees om as jeug na mekaar te luister en van mekaar te leer. 'n Mens gaan dikwels van die veronderstelling uit dat jy net van ouer mense iets kan leer, maar dit is nie waar nie. Moenie jouself hoër ag as die ander jonger lidmaat nie, God wil jou somtyds deur die woorde van 'n jongere laat leer!



Maar net soos wat daar soveel rykdom daarin lê om van mekaar te kan leer, is dit net so belangrik om jou daarin te oefen om selfstandig in die geloof te word. Ons moet self die Bybel lees en bestudeer. Ons

persoonlike verhouding met God moet groei, sodat ons sy beloftes en wil vir ons lewe kan leer verstaan en kan getuig van die hoop wat in ons is (1 Petr 3:15, 2 Tim 4:15). Toets alles wat aan jou voorgehou word aan die Woord van God.

God het ons so liefgehad dat Hy sy Seun vir ons gegee het as offer, tot ons redding. Hierdie liefde wat God aan ons geopenbaar het in Jesus Christus, moet ook plek inneem in ons lewens. Dit moet vorm aanneem in liefde vir God en die mense rondom ons (Matt 22:37-39). God wil jou, op watter wyse ook al, inskakel in sy werk op aarde. Miskien sien jy dit nie raak nie. Miskien sien jy net jou eie drome raak. Die Hemelse Vader het egter 'n doel met jou lewe. Leef jy met daardie bewustheid? Kyk jy met geloofs-oë na die mense wat God rondom jou plaas? Ons visie van God se kerk is dikwels beperk tot die mure van die kerkgebou. Hy versamel egter sy kinders oor die hele wêreld, en Hy wil my inspan in sy koninkryk en roep my op om as ligdraer in hierdie wêreld te leef! Dit kan ons nie uit eie krag doen nie. Daarom, laat ons God daagliks om krag en wysheid bid, laat ons saam as jeug mekaar opbou in geloof deur sy Woord te bestudeer en 'n voorbeeld vir mekaar en ander te wees, en laat ons afstand doen van alles wat sleg is, sodat ons 'n rein lewe kan lei in gehoorsaamheid aan God!

**Erik-Jan Moes** is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.

## ONS WIL WEET

### TEMA : Ek is jonk!

Agt uur. Agt mense - vier jongmense, vier 'n bietjie ouer. Dit is 'n koue wintersaand, en tog sweet hulle. Want: vanaand mag die jeug die vrae stel. Ha, dit is hulle kans! Ja, die jeug wil weet...

#### **Die sabbat**

*Christus het op 'n Sondag uit die graf opgestaan. Dit beteken Hy het op die Saterdag gerus.*

*Hoekom is ons rusdag dan op Sondag?*

Die eerste gemeentes het op die eerste dag van die week bymekaar gekom (Hand 20:7) Hierdie

tradisie is deur die eeue oorgedra, maar dit is nie wet nie. (Dink maar aan die Moslemlande waar die sabbat op Vrydag gevier word omdat Sondag 'n gewone werksdag is). Die gevaar is om sommer enige dag as rusdag te kies na aanleiding van die omstandighede, want dan is ons besig om God in ons lewens te probeer inpas.

Die rusdag is 'n voorsmaak van die ewige rus saam met God. Christus het hierdie rus verwerf toe Hy opgestaan het – op 'n

Sondag. Daarom wil ons dit graag op dié dag vier!

*Van hoe laat tot hoe laat is die sabbat? Begin dit 6 uur die vorige aand? Is dit 'n 24 uur dag?*

Om te sorg dat die volk sou voorberei op die sabbat, het die Fariseërs besluit dat die sabbat reeds die vorige aand na sononder moes begin. En dit sou dan 24 uur later eindig. Maar ons het geen vasgestelde 12 tot 12 rusdag nie. Ons moenie probeer om in hierdie opsig te kyk hoe naby ons aan die kant kan loop



nie (bv. net voor 12 uur in die bed wees op Saterdag), maar eerder voluit die rusdag aan die HERE wy – die voorbereiding ingesluit. Toets jouself: sien ek uit na die Sondag?

#### Voorstelle vir voorbereiding op die Sondag:

- Gee die Psalms en Skrifge-deelte deur voor die Sondag – sommer op 'n website.
- Die dominee kan elke week die tema van die preek bespreek saam met 'n groep gemeentelidmate (voordat hy die preek maak).
- Verwys terug na die vorige week se preek.
- Skryf 2 dinge neer oor die preek wat jy kan toepas. Lees dit elke dag van die volgende week weer.

### **Die erediens**

#### **1. Die handdruk**

*Die ouderling van diens sê 'Sterkte' en 'Well done' – of so lyk dit ten minste wanneer hy die dominee 'n handdruk voor en na die diens gee. Waarom doen hy dit eintlik?*

Dit is 'n teken namens die kerkraad om te bevestig dat hierdie predikant mag preek. Hulle gee toestemming dat hy die gemeente

mag leer en onderrig. (In die kerkgeskiedenis is dit gebruik vir predikante wat onbekend was onder die gemeentelede. As die ouderling hom dan 'n hand gee, weet die gemeente dat die kerkraad hom toestemming gee om daar te preek.)

*Dus die ouderling van diens hoef nie die preek te 'beoordeel' nie?*

Die gevaar hiervan is dat die ouderling van diens 'n baie swaar las moet dra om die preek te "beoordeel". Die hele kerkraad moet vóór die diens besluit of hierdie predikant mag preek. By die eerste handdruk neem die predikant so te sê die leerplig van die kerkraad oor, om dit na die tyd weer in hulle hande terug te gee.

*Dit is eintlik so 'n mooi gebaar!*

*Jammer dat baie mense dit gewoonlik mis – hulle is so besig om hulle Bybels en handsakke bymekaar te maak.*



#### **2. Die orde van die diens**

*Hoekom is ons dienste so dieselfde elke Sondag? Moet dit altyd in 'n spesifieke volgorde? Waar vind ons hierdie orde in die Bybel?*

In beide die Ou en Nuwe Testament kom sekere elemente van die erediens voor wat wys hoe die HERE gedien wil word. Die elemente van die diens kom dus uit die Skrif, maar die spesifieke volgorde soos ons dit ken, vind ons nie daarin nie. In beginsel kan ons dus verskillende volgordes gebruik – wat ook wel gedoen word – solank alle aspekte daarin na vore bly kom. As kerkverband

het ons sekere goed afgespreek om orde te handhaaf.

God is 'n God van orde, daarom verloop die erediens ook ordelik. Dit is sy diens. Dit is 'n afspraak met Hom. Daar ontmoet ons die heilige God. En ons is sy volk – ons reageer op wat Hy doen. Hy kom spreek met ons, en ons antwoord telkens: deur te sing, te bid, of te gee. Ons kan dus nie self besluit hoe ons God wil dien nie. In die tabernakel was die klem op die heiligheid van God. Ons gaan soms soveel makliker met dinge om.

Miskien is dit goed om 'n keer terug te sit en 'n bietjie goed na te dink oor hoe mooi die erediens inmekaar steek, in plaas van om maniere te probeer kry oor hoe ons dit kan verander omdat seker dinge vir ons te veel van 'n gewoonte geword het.

*Maar is daar wel plek vir opbouwende veranderings? Dit voel of die mense te gou besware het as ons iets nuuts voorstel.*

#### **3. Die preek**

*Ons het as jongmense duidelike riglyne nodig. Sodat ons kan lewe soos God van ons vra. Ons weet só goed hoe om verskonings vir enigiets uit te dink. Kan die preke nie meer op die man af wees nie, bv deur sondes reguit aan te spreek nie?* Die prediking self behoort konkreet genoeg te wees om te kan sê: 'dit is op my van toepassing'. Maar dit moet ook algemeen genoeg wees om almal te help. Die gevaar is om 'n preek aktueel te probeer maak – terwyl die Woord op sigself aktueel is!

En ja, die preek moet die sondes reguit aanspreek – maar op 'n 'sagte manier'. Dit is nie die predikant se taak om in jou lewe te kyk wat is jou sonde nie. Dit is jou taak. Die predikant bring die

Woord en laat dan ruimte vir die Gees om Sy werk te doen. Hy kan nie daardie plek inneem nie. Die oortuiging van sonde lê by die Gees. Dit is dalk goed om jouself af te vra: belemmer ek dalk die Gees? Laat ek Hom toe om in my te werk?

### **Die Nagmaal**

*Die reël is dat ons 4 keer per jaar nagmaal vier. Hoekom nie 2 of 5 keer nie?*

Jesus sê by die instelling van die nagmaal "so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink" (1 Kor 11:26). Hy sê nie hoe gereeld nie, maar wel dat dit dikwels moet geskied.

*Maar waarom vier ons dit dan 4 keer? Wanneer is dit té gereeld, en wanneer vier ons dit te veel?* Vanweë ons stompsinnigheid en swakheid het ons die nagmaal nodig! (Artikel 33 NGB) Dit is juis daar om die Woord sigbaar te maak, sodat ons kan ervaar wat God ons in sy Woord te kenne gee. Maar om presies dieselfde rede – vanweë ons stompsinnigheid en swakheid – moet ons dit nie te veel vier nie, want dan verwater dit en verloor dit sy besonderheid.

Calvyn het daarop gestaan dat dit elke week gevier word, maar hy kon dit nie deurgevoer kry nie. Die stadsraad van Genève het besluit om dit elke 3 maande te vier. Ons Kerkorde het dié besluit oorgeneem, maar dan as 'n minimum keer per jaar: "Die nagmaal van die Here sal *ten minste eenmaal* in 3 maande ... gevier word" (sien Artikel 61 KO).

*Dit wil voorkom of die nagmaal meer spesiaal is as ander eredienste. Mag dit so 'n plek inneem? Is elke geleentheid met God nie dieselfde nie?*

Enersyds is die 'gewone' eredienste net so betekenisvol, want die Woord alleen behoort vir ons genoeg te wees. Maar andersyds,

die nagmaal is meer spesiaal as ander eredienste. Dit is naamlik Christus Sêlf wat ons daar bedien – ons ontvang die brood uit sy hand. Hy is die Gasheer.

*"As jy 'n Christen is, is jy welkom om saam met ons nagmaal te vier." In sekere kerke is hierdie genoeg rede om aan die nagmaal te gaan. Elkeen weet tog wat in sy eie hart aangaan? Hoekom het by ons die kerkraad soveel beheer oor wie aan die tafel mag gaan en wie nie?*

Al vraag wat gevra word, is of jy Christus bely. Waarom het ons dan so 'n lang nagmaalsformulier? Besef dié mense wat die nagmaal inhou? Die nagmaal is naamlik die hoogste vorm van gemeenskap met God en mekaar. Juis dáárom mag nie enigiemand aan die nagmaal toegelaat word nie. In daardie kerke word dit aan die individu oorgelaat. Maar die gevaar is dat die nagmaal dan individualisties word. Dit is nie 'n "ek gaan met die HERE gemeenskap hê" nie, maar juis 'n "ons gaan saam!" In eenheid met my broers en susters.

*As jy kerk toe gaan, waarom mag jy dan nie vanselfsprekend ook nagmaal toe gaan nie?*

Die weeklikse Woordverkondiging is oop vir almal. Dit is 'n oproep tot bekering. Maar wanneer bekering dan gekom het, mag ons saam ook die eenheid geniet aan die nagmaalstafel. En dié eenheid moet bewaar word. Wanneer 'n persoon saam met ons die nagmaal wil vier, moet die kerkraad hom afvra of ons met die persoon gemeenskap kan hê. Ook om die persoon te beskerm, sodat hy nie onwetend aan die nagmaal gaan en so 'n oordeel oor homself bring nie. Dieselfde geld vir die ander kant ook: wanneer jy uitgenooi word om in 'n ander kerk saam die nagmaal te vier, dan moet jy die vraag antwoord: het ek wel eenheid met hulle?

*Hoe swaar weeg die selfondersoek? As jy iets teen iemand het, of as jy dinge verkeerd gedoen het die week, moet jy dan wegbly van die nagmaalstafel?*

Nee, die nagmaal is vir sondaars. En vir twyfelaars. Jy besef jy is sondig, daarom kom jy. Want jy het dit so nodig! As jy twyfel, dan moet jy juis kom! Die sakramente versterk juis jou geloof! (Sondag 25)

Die selfondersoek is nie net vir elke 3 maande om 'in jouself te krap' om te kyk hoe sondig jy is nie. Dit hoort by elke dag. So leer ons om nie te vra: 'hoeveel het ek gesondig' nie, maar eerder: 'hoe is my houding teenoor die sonde en my Verlosser?' Is daar verslaenheid, die voorneme om sonde te laat vaar, en 'n wil om van nou af in liefde en vrede met ons naaste te lewe?

*Kan ons dalk die nagmaalsformulier korter maak? As die dominee dit voorlees, skakel 'n mens so gou af, want jy het dit al so baie gehoor.*

Dit is realiteit dat ons nie meer goed daarna luister nie. En tog is dit een van die mooiste formuliere! Ná die hoor van die formulier sit 'n mens nooit en wonder of jy nou regtig aan die tafel moet gaan nie. Dit is radikaal en ook pastoraal! Niemand mag eintlik nie - en tóg mag ons. Juis omdat ons dit buite onself in Christus soek.

Tien uur. Ons moet klaarmaak! *Nou al? Daar is nog baie vroe!* Sug. Ons is nie meer so jonk nie...

Daar's baie 'issues' in die kerk, maar by 'n oop Bybel kom jonk en oud 'n hele ent om die Here te ken en elke dag met Hom te leef!



# KERKNUUS

## KERKNUUS

### **Kerkjeug in Kaapstad** - Alex van Houwelingen

Die jeug van die VGK Kaapstad is, soos gewoonlik, weer aktief besig met verskeie aktiwiteite. Die belangrikste hiervan is die jeugverenigings, waar die jeug in georganiseerde verband God se Woord bestudeer. Die jeugverenigings word beurtelings op Sondagoggende na kerk en Vrydagaande gehou. Die bywoning is redelik goed, wat sigbaar is deur die feit dat die lokale byna te klein is vir die groot groepe jongmense. Aan die begin van die jaar is 1 Petrus bespreek. Op die oomblik word Hoséa bespreek, 'n boek waarin God sy liefde vir sy sondige en afvallige volk verklaar.

Die jeug hou tradisioneel ook koffiedrinkkuiers op Sondagaande. Hierdeur word daar onderling sosiale bande gesmee, wat dikwels ook bevorderlik is vir onder andere goeie gesprekke oor die Bybel.

Af en toe word spesiale ontspanning gereël vir byvoorbeeld Saterdagagaande. Die jeug is ook aktief besig om geld (deur middel van byvoorbeeld karwas-aksies) in te samel vir die kongres, wat tradisiegetrou weer aan die einde van die jaar gehou gaan word.

### **Kerkjeug in Australië** - Mendel Retief

Die FRCA se kerkjeug deel natuurlik dieselfde kerklike aktiwiteite met alle gereformeerde jeug wêreldwyd: twee eredienste op Sondag, katkisasieklasse en belydenisklas, jeugverenigings vir Bybelstudie, jeugkongresse, ens. Daar word ook 'n duidelike lyn getrek tussen kerkjeug en jeug buite die kerk. Die Johannes Calvyn-skole sal byvoorbeeld nie 'n sokkerwedstryd reël teen 'n staatskool nie – nie omdat hulle bang is hulle sal verloor nie (ek dink die John Calvin College in Armadale het 'n goeie kans om die meeste staatskole uit te stof op die sokkerveld!), maar omdat die kerkjeug eenvoudig nie op so 'n sosiale manier meng met die jeug van die wêreld nie. Dus het die kerkjeug hul eie kerklike verenigings, maar ook hul eie verenigings op sosiale gebied. Die gemeenskap van die heiliges word nie tot Sondae beperk nie, maar dit geld ook vir die res van die week. Natuurlik leef die kerkjeug nie in 'n klooster nie, maar oor die algemeen is die jeug nog deeglik bewus van die antiese tussen kerk en wêreld, en word dit ook gehandhaaf.

Daar is natuurlik altyd uitsonderings, maar oor die algemeen leef daar 'n dankbaarheid onder die jeug vir hul Gereformeerde agtergrond, en word die Here met erns en toewyding gedien. Daar is ook nog respek vir ouerlike gesag en eerbied vir wat heilig is. As predikant is dit dan ook 'n aangename voorreg om sulke jeug in die katkisasieklasse en belydenisklas te hê. Die meeste jongmense doen openbare geloofs-belydenis op ongeveer 19-jarige ouderdom.

Ekonomies is die jongmense vroeg onafhanklik en 'n kêrel besit dikwels reeds op 22-jarige ouderdom sy eie huis en motor. Werk is volop. Daar is dan ook nie soveel jongmense hier wat verder studeer soos in Suid-Afrika nie. Baie kêrels trou op 21 of 22. Selfs die huidige ekonomiese insinking is nog nie uiterlik sigbaar nie, en die regering deel net geld uit. Dié jongmense wat wel verder studeer, studeer meestal in Perth. Dit gebeur dus dikwels dat jongmense van Albany of Bunbury ná skool na Perth verhuis vir verdere studie. Hoewel Tasmanië 'n eie universiteit het, verkies studente in Launceston en Legana ook dikwels om na Perth te verhuis – waar hulle dan familie en ou bekendes opsoek.

Kêrel/nooi-verhoudings is net met jeug binne die kerkverband en susterskerke. 'n Verhouding met 'n kêrel of nooi buite die kerkverband loop uit op kerklike tug.

Die jeug hier besoek Kanada meer as Nederland, seker weens die taal. Hier is ook al heelwat jeug wat Afrikaans kan praat! Om een of ander rede sien ons nie baie jeug van Nederland hier nie, en ook nie so baie van Kanada nie; dit lyk of die besoekende jeug meer van Suid-Afrika kom.

### **Kerkjeug in Kanada** - David Winkel

Die versoek was om indrukke te gee van die lewe van gereformeerde jongmense in Kanada. Ons sal fokus op lidmate van die Canadian Reformed Churches (CanRC), ook genoem: CanRef-jeug of 'CanReffers'.

Waar sal ons begin? Kom ons begin met 'n geografiese perspektief. Kanadese gereformeerde jeug woon in die tweede grootste land in die wêreld met 'n enorme verskeidenheid van fisiese kontekste. Party van ons word groot in die skadu van die Rocky

Mountains in die provinsie British Columbia aan Kanada se weskus. Meer ooswaarts is daar baie wat grootword op die 'prairies' van Alberta en Manitoba. Nog verder oos is daar baie van ons jeug wat opgroei in die stede en platteland van suidelike Ontario naby die Groot Mere. Net soos in Suid-Afrika, is daar sommiges wat opgroei op plase en ander in 'n stedelike omgewing.

Wat opvoeding en skole betref, is daar ook verskeidenheid. Die meeste kinders ontvang skoolonderrig aan gereformeerde skole wat deur die ouers ondersteun word. Ander ontvang onderrig deur tuisskoling of aan 'n openbare skool. Dit is 'n seën om deur gereformeerde personeel opgelei te word en om so te leer hoe die Bybel verbonde is met enige aspek onder die son. Die oproep van die Prediker om jou Skepper te gedenk in die dae van jou jeug (12:1), is 'n ware aanmoediging vir Christelike skole.



Foto: Van die webwerf van Guido de Bres Christian High School, Hamilton, Ontario

'n Christelike skool is 'n voorreg, maar nie altyd 'n perfekte omgewing nie. Soos by enige ander skool in hierdie sondige wêreld, word daar soms dinge gesê soos: "jy is 'n idioot" of: "gaan kry jou eie vriende." Baie gereformeerde skole in Kanada is redelik klein. Die meeste 'CanRef'-kinders gaan jare lank saam met

dieselfde klasmaats skool toe. Dit lei tot intieme vriendskappe, maar dit kan ook gebeur dat sommige kinders uitgestoot voel (of selfs geboelie word) omdat hulle nie 'inpas' nie.

Gereformeerde hoërskole is gewoonlik heelwat groter. Dit gee aan die jeug die geleentheid om nuwe vriende te maak. Baie CanRef-skole het goeie sportprogramme in sokker, basketbal, 'volleyball', ens. (jammer, geen krieket of rugby nie). Gewoonlik is daar ook 'n skoolorkes, koor, houtwerk- en rekenaar-klubs.

As CanRef-jeug die gereformeerde hoërskool verlaat, kom hulle gou agter dat hulle in 'n baie beskermde omgewing grootgeword het. Die grootste deel van hul lewe het hulle in 'n CanRef-huis, -kerk en -skool deurgebring. Dit is wel so dat baie van ons jongmense deelydse werk doen of sport beoefen buite die kerkgemeenskap, maar nogtans is dit 'n feit dat die oorgang na die universiteit of na 'n voltydse werk 'n groot verandering beteken! Dit is dan wanneer hulle met ander mense se perspektief op die lewe gekonfronteer word en begin vra hoekom ons sekere dinge doen en hoekom ons glo wat ons glo. Dit is dikwels 'n tyd wanneer die Here ons geloof toets. Aan die ander kant bring dit ook geleenthede om met die evangelie na ander uit te reik.

Dit is jammer, maar ongelukkig 'n feit, dat die meeste van ons nie die moed het om ons gereformeerde oortuigings uit te dra nie. Ons praat dikwels daaroor hoe ons ons geloof na ongelowiges kan uit-dra, maar die praktyk is baie moeilik! Die Kanadese samelewing het waardering vir die Christelike geloof, omdat dit mense aanspoor om mekaar lief te hê en omdat dit oor die algemeen 'n gesonde invloed op die samelewing het. Maar die gedagte dat Jesus die enigste weg na God is, word algemeen verwerp. Ongelukkig is dit ook so dat sommige van ons kerkjeug deur die verleidings van die wêreld aangetrek word: aanstootlike films, alkoholmisbruik en dwelms.

Gelukkig het die kerke jeuggroepe wat beoog om die jeug aan te moedig om die Woord van God te bestudeer en mekaar te ondersteun in die daaglikse stryd teen die sonde en die duiwel. Jeuggroepe probeer ook om God te dien en om sy gawes te gebruik deur kerkorganisasies te help, saam sport te beoefen (veral sokker!) en saam te kampeer of reise te onderneem. Daar is ook gereeld jeugkonferensies wat gemiddeld twee maal 'n jaar georganiseer word, afhangend van in watter provinsie 'n mens woon. Hierdie konferensies bied geleenthede om nuwe vriende te maak en soms ook permanente verhoudings te begin!

In die laaste jare het daar nuwe geleenthede gekom vir jongmense wat die Here graag wil dien. Baie jongmense sal byvoorbeeld 'n week gaan uithelp by 'n kamp vir minderbevoorregte kinders. Hierdie aksie het begin in Ontario en die gedagte is om dit na ander provinsies uit te brei. Om aan so 'n jeugkamp deel te neem, gee aan jou die geleentheid om die evangelie aan ander jeug oor te dra. Dit het ook 'n baie positiewe invloed op jou eie geloof.

Party van ons jongmense gryp die geleentheid aan om internasionaal te reis en in arm lande in die wêreld te gaan uithelp (Short Term Mission). Die doel hiervan is om skole te bou of vervalle huise te herstel. So 'n ervaring laat 'n mens besef hoeveel voorregte die Here vir ons gegee het dat ons mag grootword in 'n vry land met soveel seëninge.

Op 'n plaaslike vlak het baie van ons gemeentes begin besef dat ons 'n evangelisasie-roeping het. Daar is 'n hele paar stedelike sendingsprojekte ("urban mission") wat aan ons jongmense die geleentheid bied om hul tyd, gawes en energie in te span vir die jeug wat in ons eie stede in geestelike duisternis woon.

Daar is baie om voor dankbaar te wees. Daar is baie seëninge en positiewe aspekte. Daar is ook gebreke en sonde. Dankie vir die geleentheid om iets te kan vertel oor ons stryd en vreugde terwyl ons poog om die Here Jesus Christus te dien. Bid asseblief vir ons in ons geestelike stryd. Ons bid ook dat die Here se genade met julle sal wees. Dalk sal ons nooit op hierdie aarde ontmoet nie, maar ons sal mekaar eendag in die ewigheid ontmoet as die Bruidegom weer kom!

*David Winkel is 'n eerstejaarstudent by die Teologiese Skool van die Canadian Reformed Churches in Hamilton, Ontario.*

### **Die Jeug in die GKv (Nederland) - Axel Hagg**

Die Here hou sy verbond in stand. Ook hier in Nederland. Daarom is ons in Nederland in die GKv geseën met 'n groot aantal "jeug" tussen 16 en 24 jaar oud. Hoe groot die "jeug" presies is, is moeilik om vas te stel, omdat dit baie wissel. Die GKv het ongeveer 45 326 dooplidmate. Daarvan is tussen ongeveer vier- en vyfduisend "16+jongeren" lid van 'n jeugvereniging. Verder is daar ook 11 groot studenteverenigings in die verskillende groot universiteitsstede. Die samestelling van die Nederlandse "jeug" is dus baie divers. In elke gemeente reël die jeug hul eie aktiwiteite soos Bybelstudieverenigings, kampe, ens. Af en toe pak jeug van verskillende

gemeentes saam iets aan, maar byvoorbeeld 'n grootskaalse jeugkongres van vyf dae, soos in Suid-Afrika die geval is, is vanweë die groot aantal jongmense nie moontlik nie.

Wel is daar 'n oorkoepelende organisasie, genaamd die "Bond van Gereformeerde Jongerenverenigings" (BGJ). Hulle maak, waar moontlik, 'n bydrae tot die strukturering van jeugverenigings binne die GKv. Vyftig verskillende jeugverenigings is lid van die BGJ. Hulle gee ook elke maand 'n jeugblad uit met die naam "Stimulans", en gee ook voorstudiemateriaal uit in die vorm van Bybelstudieboekies, wat verenigings tydens Bybelstudie kan gebruik. Hulle organiseer ook verskillende aktiwiteite regdeur die jaar, soos Bybelstudie-naweke en sprekersaande.

Die BGJ hou ook elke jaar "jongerendag". Dit is 'n soort jaarlikse jeugkongres wat dan een dag lank duur. Ongeveer 10% van die jeug oor die hele land besoek hierdie "jongerendag". Hierdie jaar word die "jongerendag" op 21 Mei in die dorp Urk gehou. Die onderwerp is "Jezus is Heer". Ds G Zomer Jzn hou die hoofinleiding, en in die middag is daar in kleiner groepe "workshops" waar die volgende onderwerpe behandel word: *God is Heer over je leven* (ds JJ Dronkers), *God is Heer over de schepping* (ds AG Hagg) en *God is Heer over de kerk* (ds JR Visser).

Dan is daar ook 'n organisasie - of "stichting", soos dit in Nederland genoem word - wat praktiese aktiwiteite vir gereformeerde jongmense reël. Die naam van hierdie stigting is TijdVoorActie (TydVirAksie). As diakonale jongerenorganisasie help hulle minderbevoorregte mense in Nederland. Dit sluit ook bejaardes en gestremde mense in. Regdeur die jaar doen lede van hierdie stigting verskillende projekte in hul eie omgewing.

Op 16 Mei hou hulle hul jaarlikse "TijdVoorActie-dag." Hierdie jaar gaan hulle 5 projekte (tussen 30 en 40 jongmense per projek) aanpak in 'n woonbuurt in die stad Utrecht, met die naam Kanaleeiland. In hierdie woonbuurt is daar baie sosio-ekonomiese en maatskaplike probleme. Die werk wat hulle doen, is eenvoudig. Die strate in die woonbuurt word skoonmaak en die huise, waar moontlik, reggemaak. Dan is daar ook 'n verfpromer met jong kinders in 'n sentrum vir buitelandse vlugteling ("asielzoekersentrum"), 'n aktiwiteit vir dak- en huislose mense en 'n talente-middag vir bejaardes. Die dag word dan om 18:00 uur afgesluit met een gesamentlike ete.

Hiermee wens ons die jeug van die VGKSA 'n geseënde Jeugdag toe.

# JONK, jonger, jongste

## Elders Gelees

Gesien die tema van hierdie gesamentlike uitgawe van *Kompas* en *Die Olielamp* het ek dit goedgevind om u te laat saamlees aan wat ek in verskeie ander tydskrifte oor hierdie onderwerp raakgeloop het. Kom ons begin by ons 'jonger' jongmense en die teleurstelling wat hulle rondom vriendskappe kan ervaar. Hoe behoort ouers hiermee om te gaan? Ek haal 'n gedeelte aan uit *Nader Bekeken* van Februarie 2009:



*Leer jou kinders wat vriendskap behels: eerlikheid, trou, jouself inleef in die ander se situasie, respek vir die ander en vir jouself. Gee aan jou kinders die ruimte om sosiale vaardighede op te doen by hulle vriende. Stimuleer hulle daarin en stel jou huis vir hulle oop.*

*Wat moet jy nie doen nie?*

*Moenie 'n vriend of vriendin op grond van die uiterlike beoordeel nie, iets wat in die vriendekring dikwels wel gebeur: as jy die verkeerde skoene dra, is jy nie deel van die groep nie.*

*Martin (15) rook, want al sy vriende doen dit ook. Wat moet jy doen? Gee 'n goeie rede hoekom jy moeite hiermee het. Stel grense (byvoorbeeld: daar word nie in die huis gerook nie) en wees bewus van die voorbeeld wat jy stel. Voer 'n gesprek oor wat in die groep gebeur. Sal jy uit die groep gestoot word as jy nie rook nie? Ook in 'n groep mag jy wederzijdse respek verwag.*

*Wat moet jy nie doen nie? Moenie verwag dat 'n verbod op rook die gewenste uitwerking sal hê nie. Jongmense gaan dikwels oor die grense om hulle eie identiteit op te bou.*

*Hanna (13) word bewustelik uit die groep gestoot. Haar eertydse vriendin is die een wat dit aanhits. Wat moet jy doen? Die trou is verbreek, maar jy kan min hieraan doen. Sê duidelik dat wat gebeur het, verkeerd is. As Hanna sterk genoeg is, kan sy dit in die groepie bespreek, maar nie met die aanhitser nie. Nie met die doel om almal teen die aanhitser te draai nie, maar om van die res begrip vir haar posisie te vra.*

*Wat moet jy nie doen nie? Moenie probeer om Hanna weer in die groep te kry nie. Moenie die probleem self probeer oplos nie.*

*Johan (8) kry nooit 'n uitnodiging na 'n partytjie nie. Hy speel met ander kinders, maar hy het nie werklik vriende nie.*

*Wat moet jy doen? Stel jou huis oop vir vriende van sy ouderdom. Stimuleer hom om ander uit te nooi en moenie passief wag tot iemand anders sy huis oopstel nie. Wees waaksaam vir sekere oorsake: pas hy nie in die groep nie, word hy geterg, skort daar sosiale vaardighede, of is dit eenvoudig 'n fase in sy lewe? Vir 'n groot deel kan 'n ouer dit nie raaksien nie. 'n Onderwyser kan hierby help.*

*Wat moet jy nie doen nie? As die kind nie 'n probleem het nie, moenie 'n probleem daarvan maak nie. Moenie by ander ouers skimp nie.*

Die een plek waar kinders wel 'n duidelike plek behoort te hê, is die kerk. En moontlik dink u dan aan kinderdienste en ander uitwasse van ons tyd. Nee, ek bedoel daarmee eenvoudig dat die kinders 'n duidelike plek in die geheel van die kerklike lewe



behoort te hê, soos wat Calvyn byvoorbeeld daaraan vorm gegee het. Lees saam met my uit *Wegwijs* van Januarie/ Februarie 2009 hoe Calvyn dit gedoen het:

*Calvyn is allermens negatief oor kinders. As hy skryf dat 'n kind skaars tot tien kan tel,*

geen verstand het nie en niks kan verstaan nie, dan bedoel hy daarmee kinders van hoogstens ses jaar oud. Tot op daardie ouderdom is kinders "nie in staat om dinge weloorwoë te doen nie, en kan hulle nog nie onder-skeid maak tussen goed en kwaad nie." Tog hoort die kinders voluit by die Christelike gemeente! En daarom, so betoog Calvyn, het hulle nie slegs reg daarop om gedoop te word nie, maar ook om onderrig te word in die leer van die kerk. Miskien is dit 'n effense vreemde uitdrukking: kinders het reg op onderrig. Maar Calvyn sê dit nie sonder rede nie. Hy kla oor die ouers wat traag en nalatig was in die onderrig van hulle kinders. Asof dit iets sou wees wat hulle nie aangaan nie.

Dus: intensiewe kategese. Alreeds vanaf sewe jaar. Want "jongmense is baie ontvanklik vir onderwys van allerlei aard, terwyl ouer mense meer traag en hardleers is." Intensiewe kategese het nie beteken dat kinders die kategismus uit hulle koppe moes leer nie. Dit was voldoende wanneer hulle vanuit 'n innerlike oortuiging op eenvoudige wyse in eie woorde die hoofsaak van die leer kon weergee. As 'n kind dit op tienjarige ouderdom kon doen, is hy toegelaat om belydenis te doen. En sodra hulle in staat was om hulself te beproef volgens die reël van 1 Korinthiërs 11:28, het hulle vervolgens toegang tot die nagmaal verkry. Normaalweg was dit heelwat vroeër as die ongeveer agtienjarige ouderdom wat ons in ons tyd ken.

Ook in liturgiese opsig het die kinders in die kerk van Calvyn volop deelgeneem. Calvyn het nie baie ooghere vir 'n orrel gehad nie. Psalms en liedere moes sonder instrumentale begeleiding gesing word. Vanweë hul helder stemme het hy die kinders as voorsangers aangestel, om onbekende liedere aan te leer en as steun vir die gemeentesang. Daardeur was die tempo van die sang nogal vinnig, en nog meer so omdat Calvyn as reël al die verse van 'n psalm laat sing het...

En ten slotte nog iets oor die 'ouer' jongmense, ons laat-tieners en vroeg-twentigers, ongetroud of pasgetroud, kinders of nog nie. Die moeites wat hierdie jongmense moet hanteer, is – veral in hierdie tyd! – uniek en uitdagend. In *Nader Bekeken* van Maart 2009 kry ons 'n kykie hierin:

*Onlangse ondersoek toon aan dat tieners meer gereeld kronies moeg is. Behalwe moegheid, kla skoliere ook van hoofpyn, geheuesturnisse en konsentrasieprobleme. Daar word aangeneem dat stres die oorsaak hiervan is.*

*Die multitaak-verwerkende jongmense van vandag moet hulle pad vind in die informasie-era waarbinne*

*hulle grootword. Wie wys vir hulle die pad en help hulle te midde van die chaos wat volwassenes veroorsaak het en in die onduidelikheid wat hulle agterlaat? Die spanning is gesetel in die onsekerhede wat jongmense kenmerk. Onsekerhede oor hulself, verhoudings, die lewe, die toekoms. God. Daarbenevens is daar nog die onrus. Die 24-uur-per-dag-kommunikasie en -bereikbaarheid kos ongelooflik baie energie. Die verwerking van alle kommunikatiewe prikkels via sms, msn, kletsruimtes en mp3-spelers maak hulle moeg, onrustig en ongekonsentreerd. Dit is my oortuiging dat hier iets baie ernstigs aan die gang is, en dit verbaas my dat mense dit net laat gebeur. Jongmense het 'n adres nodig waar hulle kan aanklop. Hulle het ander nodig om hulleself te kan wees. Hulle het 'n klankbord nodig, en nie 'n spieël nie. Hulle diepste vraag is nie die vraag na insig nie, maar na verhouding. En vandaaruit kan hulle hulself besig hou met singewingsvrae. Die vraag is of genoeg volwassenes - in die gesin, skool of kerk - daarvoor beskikbaar is. Nie deur inligting te verskaf nie, maar deur lewenswysheid oor te dra.*

Wat in besonder nodig is, is tyd om stil te staan, rustig te word, na te dink:



*In 'n prestasie-gerigte en gejaagde wêreld is dit 'n welkome onderbreking om soms stil te staan. In die hedendaagse werkklimaat ontbreek veral hierdie tyd om so nou en dan stil te staan. Net gou terugkyk na 'n taak wat afgehandel is ('ons het die teikens bereik') en net gou ontspan*

*sonder die druk van nuwe uitdagings. Mense raak veral gespanne en uitgebrand deur 'n sfeer waarin die werk net nooit klaar is nie. Voordat die taak of projek afgerond is, is daar alweer iets nuuts wat eintlik al klaar moes gewees het, en daar-die proses gaan eindeloos voort.*

*Selfs die vryetydsbesteding word beheers deur prestasiedruk. Daar bestaan 'n volledige vakansie-industrie, en die talle langnaweke word deur werknemers in 'n besige agenda ingedruk. Dikwels gaan die skootrekenaar saam en word daar eenvoudig voortge-epos. Wanneer jy oor die radio die konsert- of sosiale agenda vir die naweek hoor, dan word 'n mens soms moeg van die oorvol aanbod van alles wat jy moet hoor en sien. En dit neem alles die plek in van daardie besondere vakansie, daardie spesiale konsert, of daardie uitsonderlike tentoonstelling waaraan jy jare later nog kan terugdink.*

*Sulke insidentele onderbrekings is nodig om die 'gewone' lewe te kan hanteer...*

*Dit klink soms soos 'n cliché, maar dit is beslis nie so nie wanneer vir jong ouers gesê word: "Geniet van jou kinders terwyl hulle nog jonk is, want dit gaan so vinnig verby." Staan liewer 'n slag stil as om die hele tyd die blik vooruit te rig en voortdurend besig te wees. In die omgang met kinders kan die onderbreking ook louterend werk. En dit hoef nie te beteken dat jy groot geleenthede moet bywoon nie; dit kan eenvoudig binne die gesin gebeur, soos om na skool saam tee te drink. 'n Oomblik van rus en geleentheid om te vertel wat by die skool gebeur het...*

*By die huis en in die samelewing as geheel kan veral die Sondagsviering so 'n onderbrekende funksie vervul. 'n Oomblik stilstaan sonder die druk van iets wat eintlik al klaar moes gewees het. Uiteraard is dit waardevol om planne te maak en jou op 'n sekere doel te rig. Maar op Sondag is dit verkieslik om onbevange te geniet en te rus om te besef dat Christus die lig van die wêreld is en te glo in 'n toekoms van geregtigheid.*

**Ds Erik van Alten** is predikant van die Vrye Gereformeerde kerk Pretoria-Maranata.

# Kamp SAAM met ANDER GELOWIGES

## Onderhoud met Janneke van der Hout

### Onderhoude & Verslae



**Janneke van der Hout** is 'n honneursstudent in Plant - Mediese wetenskappe aan die Universiteit van Pretoria. As student was sy al 'n paar keer genooi om die kerkkampe van die Gereformeerde Kerk Brooklyn se toerustingskampe by te woon. **Kompas** het met haar gaan gesels oor haar ervaring van dié kampe.

#### **Wat is die eerstejaars- en visiekampe?**

Die Gereformeerde Kerk Brooklyn se studentebediening het jaarliks 'n eerstejaarskamp vir eerstejaars en 'n visiekamp vir senior studente. Die eerstejaarskamp is 'n kamp vir eerstejaarstudente en die visiekamp is 'n toerustingskamp vir senior studente wat dan

groepsleiers of mentors is op die eerstejaarskampe vir die eerstejaarstudente.

Die visiekamp word gewoonlik by die Amajuba-kampterrein gehou. Wat lekker is, is dat 'n predikant die hele visiekamp lei en dieselfde predikant gaan ook saam na die eerstejaarskamp.

Tydens die visiekamp word jy voorberei om 'n mentor te wees vir die sowat tagtig eerstejaars. Daar is sowat 20 tot 25 mentors vir die tagtig studente. Dit maak dat ons lekker klein groepies kan wees. As mentor is jy verantwoordelik om Bybelstudies te lei en persoonlike gesprekke met die studente in jou groep te hê oor hulle toekoms, geloofslewe en hulself. Jy moet ook die studente opdeel in groepe om gesprekke met mekaar te hê. Ek is dan ook daar om saam hulle die ontspannings-aktiwiteite te doen.

#### **Wat is die doel van hierdie kampe?**

Die kampe gaan basies oor geestelike toerusting vir jou daaglikse lewe en studentelewe. Jy kry spesifieke toerusting vir jou daaglikse lewe oor jouself, jy as beeld soos wat God jou geskape het, jy

en jou naaste, die basiese beginsels van geloof, jou spesifieke roeping en taak.

#### **Hoe het jy hierdie kamp ervaar?**

Die eerste kamp wat ek bygewoon het, was die visiekamp. Ek het gegaan met 'n "oop kop", want ek het nie geweet wat voorlê nie. Al wat ek geweet het, is dat ek vir 'n week deel van 'n groep van 20 studente gaan wees. Maar dit is ongelooflik hoe lekker dit was. Van die oomblik wat ek by die kerk gestop het tot die laaste dag. Jy skakel onmiddellik in. Die groep raak jou beste vriende ooit. Ek is bang om te begin opnoem wat ek alles geleer het, dit is te veel. Ek het geleer dat ek uniek is met unieke gawes. God het jou geroep om deel te wees van 'n gemeente. Jy kry werklik geestelike groei in die week en gee insette in mekaar se lewens. Ek het ook baie vriendskappe gemaak met medegelowiges.

Ek was eers 'n bietjie bang om te dink ek kan begeleier wees op die eerstejaarskamp, maar na die toerustingskamp het ek wel kans gesien daarvoor. Die eerstejaars-

kamp sal ek vir elke eerstejaar aanbeveel.

Ek het so baie geleer van Bybelstudie en persoonlike stiltetyd. Daar is elke dag 'n driekwartier tyd om stil te word voor God. Hulle noem dit Jabok-Stilte. Jy lees Bybel, werk deur vrae oor die Bybelgedeelte en bid. Ek het persoonlike groei in my eie geloofslewe ervaar. Om saam met ander gelowiges te kon bid en Bybelstudie te doen was so lekker.

### **Hoe werk die lesings?**

Die lesings word in die vorm van werkswinkels gedoen wat deur die predikant aangebied word. Die dominee gee 'n lesing en daarna gaan jy uit in groepe en bespreek die vrae. Daarna kom jy weer bymekaar en bespreek dit. Dit is intensiewe werkswinkels, maar daar is ook tyd vir ontspanning en om vriendskappe te versterk.

### **Watter werkswinkel temas behandel julle?**

Een van die werkswinkels wat ek onthou is: Hoe deel ek my oortuigings. Ander temas was bv. Hoe om verantwoordelik te studeer, keuses oor verhoudings of ontspanning, jou instandhouding van jou verhouding met God, jy

en die teenoorgestelde geslag, hantering van seerkry - hoe hanteer ons mekaar se seer, eie identiteit en selfwaarde en waar pas ek in? Elke tema het Skrifgedeeltes om jou te help. Dit is werklik toerusting vir jou eerste jaar en jy kan ook teruggaan na jou eie gemeente en dit in jou eie lewe toepas.

### **Hoe het jy gehoor van die kampe?**

Die eerstejaarskamp word vanaf Oktober in die Kerkblad geadverteer. En ek het deur vriende van die kampe gehoor. Hulle stuur ook uitnodigings vir studente wat op hul poslys is nadat jy een van die kampe bygewoon het.

### **Hoe vergelyk jy hierdie kampe met die jaarlikse jeugkongres?**

Ek het Kongres 2007 bygewoon en my ervaring was dat die Kongres op ander dinge gefokus was. Die doel was anders. Die betrokkenheid van die mede-

kongresgangers het my op 'n manier twee keer laat dink. Jy woon 'n lesing by as jy lus het, of jy los dit as jy lus het. Een van die ander goed wat my gepla het, is die ouderdomsgaping wat baie

groot is. Jongmense van 16 jaar tot 26 plus woon dit by. Die groepe was baie groot, so klein kliekies word baie maklik gevorm en die groepies meng nie sommer met mekaar nie.

### **Na aanleiding van jou ervaring van dié kampe – wat is jou voorstelle vir die jeug vir die jeugkongres?**

Ek dink die doel van die kongres moet duidelik bepaal word. Is dit vir geestelike groei of vir sosiale verkeer? Een of twee ander voorstelle is kleiner groepe en meer interaktiewe werkswinkels. Dalk kan die ouderdomme ook meer gespesifiseer word. Ek het al gesien en ervaar hoe kampe kan wees, en ek wens dit regtig vir alle jeug toe.

*Tanya de Vente het met Janneke gesels vir Kompas. Sy is 'n vryskut joernalis en lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

## 'n PERSOONLIKE gesprek

### Sending & Evangelisasie

#### **Hoe jy persoonlik en lewendig kan bid**

*Die vuur is reg. Hulle sit die vleis op, en na 'n rukkie is dit tyd om te eet. Jan het alles goed voorberei, hy wil vir sy vriende wys dat hy 'n lekker braai kan organiseer. Maar wanneer dit tyd is om te begin, bedink hy skielik dat iemand moet bid. Wie? Hy kyk rond. Sy ouers is nie hier nie. Sal hy een van sy vriende vra? Nee, hulle sal verwag dat hy dit doen. Maar hy weet nie hoe nie. Hy het nog nooit saam met sy vriende gebid nie. Wat moet hy sê? Op die einde bid hy maar vinnig die 'Onse Vader' en die probleem is opgelos. Tydens die braai praat Jan vervolgens baie - oor karre en rekenaars.*

*Hoekom sou dit vir Jan moeilik wees om in 'n groep te bid? Dalk is dit omdat hulle min oor geestelike dinge praat. Maar dit kan ook wees dat hy dit ook moeilik vind om alleen te bid. Hy gebruik dikwels dieselfde woorde en dink partykeer: 'ek vra altyd weer dieselfde dinge!'. Is dit by jou ook die geval?*

## Voorbeelde

Jan het nie baie voorbeelde gehad nie. Sy pa het altyd met plegtige woorde gebid, en nog in Hollands ook. Daar was dan altyd 'n gewyde stilte aan tafel. Jan het 'n outydse gevoel daarby gekry, maar hy het nie geweet hoe om dit anders te doen nie.

Wie is jou voorbeelde vir jou gebede? Jou pa of jou ma? Jou onderwyser, jou predikant? Hulle kan jou die indruk gee dat jy vaste formules moet gebruik, of hulle gee jou die idee dat jy in jou eie woorde, persoonlik, kan bid. Dalk sukkel jy nie met die woorde nie, maar met die dinge waarvoor jy bid: dis dikwels dieselfde dinge, jy raak in 'n groef: jy bid net vir jou kos, vir die siekes, en vra vergewing.

Om te bid is nie 'n tegniek wat jy kan leer nie. Dit is 'n uitdrukking van jou verhouding met God. Wanneer jy Hom persoonlik ken, sal jy vertroulik, daaglik en passievol bid. Dan word dit vir jou 'n vreugde.

## Bid met vrymoedigheid: God is jou Vader!

### Jou Vader

Toe die dissipels vir Jesus vra: 'Leer ons hoe om te bid', was Jesus se eerste woorde: "Bid só: 'Onse Vader, wat in die hemele is...'" Die heel belangrikste is dat jy God as jou Vader leer ken en só met Hom praat. Indien jy God sien as 'n God-op-'n-afstand sal jou gebede nie baie vertrou en warmte hê nie. Wie bid tot 'n god wat nie almagtig is nie, sal min verwag. Jesus sê vir jou dat God jou Vader is: Hy het jou lief, Hy is goed vir jou, en Hy het die mag om te doen wat Hy besluit. Dit is 'n geweldige aansporing om vol vertrou te bid!

Vir myself was dit 'n ontdekking: God is my Vader, Hy is 'n persoonlike God. Ek het jare se katkisasie gekry, maar eers daarná het die verhouding met God vir my persoonlik geraak. Dit het my lewensuitkyk en my gebede verander.

John Miller, 'n Amerikaanse sendeling, het in sy onderrig baie klem gelê op God se Vaderskap. Dit het sy eie geloof, maar ook sy evangelisasieboodskap en houding, beïnvloed. Wanneer jy besef dat jy deur God as sy kind aangeneem is (dit is die leer van die adopsie), dan gee dit jou 'n geweldige vrymoedigheid om tot jou Vader te bid! Jy besef jou eie kleinheid; dit maak jou nederig. Maar omdat jy weet watter voorreg God vir jou gegee het, kan jy met oortuiging bid en vra wat nodig is om God te dien. Dan bid jy op die wyse waarop Jesus dit bedoel het: "Wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word."

## 'n Gesprek met God

Gebed is 'n gesprek. Dit klink dalk bekend vir jou: jy praat en verwag dat die Here antwoord. Maar die Here het al klaar gepraat! Hy vra dat ons in ons gebede op sy Woord antwoord. Wanneer jy agterkom dat jou gebede dikwels swak of herhalend is, kan dit jou help om dit te verander.

Neem tyd om elke dag die Bybel aandagtig te lees. In die Maart-uitgawe van *Kompas* het ek reeds daarvoor geskryf. Nou gaan dit daarvoor hoe jy daarop reageer. Baie van ons het die gewoonte om na die maaltyd uit die Bybel te lees. Maar hoe dikwels gebeur dit nie dat die gebed wat volg niks met die Skrifgedeelte uit te waai het nie?



Dit sal jou gebede verryk indien jy dit begin doen. Dan is jou gebed regtig deel van 'n gesprek wat God met jou begin het, en kan dit nie 'n statiese gewoonte bly nie. Om 'n paar voorbeelde te gee: indien daar 'n belofte in die Bybelgedeelte is, neem dit en vra die Here dat Hy dit vervul. Indien jy iets oor Christus geleer het,

gebruik dit om Hom daarvoor te prys. Wat doen jy met 'n historiese gedeelte, soos die redding van Israel by die Skelfsee? Dank die Here vir die groot daad wat Hy in daardie tyd gedoen het. Vind uit wat jy kan leer oor God se genade of liefde, sy mag of wysheid, sy heiligheid of sy ander kwaliteite en prys Hom daarvoor. Vra dat Hy vir jou die vertrou sal gee wat Israel nie gehad het nie.

Dit sou 'n goeie gewoonte wees om by elke Bybelgedeelte wat jy lees, te dink: 'Hoe kan ek in my gebed hierop reageer? Watter antwoord verwag die Here? Wat is passend en nodig en sou eer bring aan sy Naam?'

**Wanneer jy met God wandel,  
moenie skaam wees om met  
Hom te bespreek wat op die  
pad gebeur nie.**

### Op straat en by die werk

Maar jy bid natuurlik nie net nadat jy in die Bybel gelees het nie. Daar is talle situasies waarin jy die behoefte voel om te bid, byvoorbeeld: jy moet 'n beslissing neem en het wysheid nodig; jy is in 'n



padongeluk gespaar; jy wil die Here dank nadat jy 'n goeie gesprek met 'n vriend of 'n ander lidmaat gehad het; of iemand by die werk vertel jou noutet dat sy siek is en jy wil vir haar bid. Jy glo tog dat die Here sulke gebeurtenisse lei?

Praat dan gerus met Hom deur te bid. Gebed gebeur nie op 'n formele wyse, op afspraak, nie, maar funksioneer in 'n lewendige verhouding met God. Wanneer jy met God wandel, moenie skaam wees om met Hom te bespreek wat op die pad gebeur nie.

### Vier aspekte

Daar kan ook 'n ander rede wees waarom jou gebede herhalend en staties raak. Dalk het dit vir jou soos 'n verlanglys geword: 'Here, gee my asseblief ...' Jy het natuurlik dikwels dieselfde dinge nodig: vergewing, besker-ming, kos, werk, inkomste, liefde en baie ander dinge. Maar as jy net dinge van die Here vra, is jou gebede baie eensydig.

Ons gebede moet tenminste aan vier dinge aandag gee: vereer God, bely jou sondes, dank die Here en doen voorbede vir jouself en ander (sien die diagram hiernaas).



God en sy eer kom heel eerste. Die lees van die Bybel help jou om dit te doen. Sonder die Bybel word jou aandag afgelei deur jou eie planne en bekommernisse, die dinge wat ander mense doen, en die dinge wat jy kort. Wanneer jy gelowig in die Bybel lees, sal jy altyd iets vind waarvoor jy God kan prys.

Die tweede, vra om vergewing, is nodig wanneer jy besef dat jy 'n sondaar is wat deur God se genade gered word. Jesus leer ons dat ons elke dag ons sondes moet bely en vergewing moet vra. Dan mag jy vol vertroue en verwagting voor die heilige God verskyn.

Vervolgens gee dankbaarheid kleur aan jou gebed. Wie maar net vra, is op homself gerig en is nie gelukkig nie. God sê: wees dankbaar! Dit bring eer aan Hom. En jy sal sien hoe nie net jou gebede nie, maar ook jou houding en emosionele toestand verander wanneer jy jou hart met dankbaarheid en vreugde laat vul.

Eers by die laaste aspek vra jy vir die dinge wat jy nodig het, en nie net vir jouself nie: jy mag ook vir ander mense bid. Doen dit met Gods Koninkryk in gedagte: vra vir wat jy nodig het om God te eer en sy wil te doen. Dan mag jy vertrou dat jou Koning vir jou sal sorg.

### Afwisseling binne 'n vaste plan

Ten slotte kan 'n vaste plan ook help om te voorkom dat jy in 'n groef raak – al klink dit teenstrydig. Behalwe om te reageer op wat jy in die Bybel lees en op gebeurtenisse, kan jy ook 'n plan maak om op vaste dae vir sekere gebiede van jou lewe te bid.

Op **Maandae** begin jy met jou eie lewe met God. **Dinsdae** bid jy vir jou gesin en familie. **Woensdae** bid jy vir jou kerklike gemeente: jy kan byvoorbeeld bid vir die mense en sake wat in die gemeentenuus genoem word en jy kan vir die predikant, ouderlinge

### Verwerking

Wanneer jy die artikel klaar gelees het, probeer 'n plan maak om dit op jou gebede toe te pas.

1. Gebruik die voorbeeld van die weekplan om jou eie weekplan te maak vir jou gebede.
2. Skryf die vier aspekte van gebed voorin jou Bybel om dit te gebruik wanneer jy bid.
3. Gaan soek dié gedeeltes in die Bybel wat jou help om God as jou Vader beter te leer ken. Onthou dat jy met Hom praat wanneer jy bid.
4. Bespreek jou ontdekkings met ander gelowiges (binne die gesin, met jou ouderling, iemand van jou Bybelstudiegroep of wyk).
5. Indien jy persoonlike hulp nodig het om te leer bid, gaan soek 'n mentor / 'coach'. Is daar 'n ouer persoon wat 'n voorbeeld vir jou is? Gaan praat met hom / haar en vra hoe hulle bid en met die Here wandel. Vra hulle advies. Vir jong manne werk dit die beste om 'n ander man te vind (waarskynlik ouer as jy), vir jong vroue sal 'n vrou die beste wees as mentor.

en diakens, en vir jou wyk of Bybelstudiegroep bid. **Donderdag** wy jy aan die sending, hier in Suid-Afrika en in ander lande. Op so 'n dag kan jy ook probeer om inligting daarvoor te versamel, sodat jy op 'n gerigte wyse kan bid. **Vrydae** gaan dink jy oor jou bure, mense by die werk, by die universiteit, en ander wat nie vir Christus ken nie, en jy bid vir hulle. Jy kan bid vir die hospitaal en besighede in jou voorstad. **Saterdag** bid jy vir president Zuma, die kabinet, en die hele land. Pleks van om bekommerd of negatief te wees, bid vir hulle! Lees die koerant en identifiseer persone en sake waarby God se hulp, wysheid en ingrype nodig is.

Omdat daar in elk van die gebiede weekliks nuwe dinge gebeur, sal jou gebed vars en persoonlik kan wees terwyl jy struktuur het.

*Hierdie artikel is 'n uitwerking van lesings wat vir die vroueverenigings en tydens 'n toerustingsaad van die evangelisasiekommissie van Pretoria en Maranata gehou is. In 'n volgende artikel sal ek behandel hoe gebed 'n rol speel in evangelisasie.*

**Ds Dirk Maurits Boersma** is sendeling in Akasia.

Volgende sperdatum vir Olielamp :  
**5 Julie 2009**

## GEREFORMEERDE BIBLIOTEEK

Kerknuus



Hoeveel keer het dit al met u gebeur dat u op soek was na gereformeerde leiding oor 'n spesifieke onderwerp, maar dit is net asof u niks oor die onderwerp kan vind nie? Hopelik is dit binne die afsienbare toekoms iets van die verlede.

Vanaf begin Mei van hierdie jaar het die Gereformeerde Biblioteek 'n webwerf beskikbaar gemaak waarop allerlei gereformeerde artikels gevind kan word – gerig op gemeentelede!

### Agtergrond en doel

Hierdie projek het reeds in 2007 ontstaan. 'n Klompie gereformeerdes op verskillende terreine het mekaar gevind, elkeen vanuit 'n eie begeerte om gereformeerde

materiaal op 'n breër vlak beskikbaar te stel. Die een was voortdurend op soek na materiaal wat hy aan vriende en kollegas kon uitdeel. Die ander het gewonder hoe die sogenaamde "verontrustes" in ander gereformeerde kerke in Suid-Afrika die beste bereik kon word. Sommige was alreeds besig om materiaal te vertaal en te verwerk. Iemand anders het weer gevoel dat ons as gereformeerdes veel meer met die Internet sou kon doen om mense te bereik met die gereformeerde geloof.

So kon ons bymekaarkom, elkeen met sy eie gawes en eie invalshoek. En tog met een doel! "Onbekende Gereformeerde literatuur moet breër beskikbaar

*gemaak word. Bekende Gereformeerde literatuur moet maklik toeganklik word. God se wysheid deur ons voorvaders moet bewaar en weer oordink word. God se weg in die hedendaagse wêreld moet gesoek en aangewys word. Met die Gereformeerde Biblioteek wil ons juis 'n weg skep waardeur die Gereformeerde rykdom weer besef en uitgeleef sal word, spesifiek vir hulle wat dit graag wil doen, maar nie altyd die moontlikhede daartoe het nie. Juis deur die medium van die Internet kan hierdie materiaal nou maklik toeganklik en beskikbaar wees."*

Vir die verdere agtergrond en doel kan u gerus op die webwerf self gaan lees.

## Verwerking en toetsing

Alle artikels wat ons vind of inkry, gaan deur 'n proses voordat dit op die webwerf verskyn. Allereers verbind die Gereformeerde Biblioteek homself volledig daartoe om gereformeerd te wees. Alle artikels word getoets aan God se Woord en die gereformeerde belydenisgeskrifte.

Hierna word artikels omgesit in teksformaat, (indien nodig: vertaal), deurgedaan vir probleme of taalkundige foute, en daarna omgesit in die regte formaat. Uiteindelik moet artikels in 'n biblioteeksisteem ingetik en gekategoriseer word.

Sleutelwoorde word ook aan die artikels toegeken om soektogte te vergemaklik en te verbeter.

So 'n proses is baie werk, maar die Here het die werk wat ons reeds gedoen het, grootliks geseën. Ons het al reaksies en vrae vanuit Engeland en Nieu-

Seeland gehad! Iemand het ook al gevra of ons moontlik materiaal vir hom beskikbaar het oor wat heilshistoriese prediking inhoud! Ons verwagting met hoe die Here dit alles kan gebruik, is baie groot...

## Raak betrokke

Ons het dus nog maar kort gelede begin. Daar is letterlik honderde na duisende artikels wat nog wag om verwerk te word. Ons het byvoorbeeld alreeds toestemming gekry om al prof Floor en al ds MJ Booyens se artikels op ons webwerf te plaas. Verder probeer ons om (veral) Nederlandse materiaal te vertaal en toeganklik te maak vir die res van Suid-Afrika. Daar is nog 'n groot skat wat uitgedelf kan word!

Ons wil graag vra of u dit sal oorweeg om betrokke te raak by hierdie projek. Ons het allerlei tipe hulp nodig, van artikels proeflees tot taalkundige hersie-

ning, van vertaling tot die formatering van die artikels. Ons het ook dringend iemand nodig wat kan help met bladuitleg. Ons hoor graag van u – niks is vir ons te veel of te min nie!

Ons hoop dat ons webwerf ([www.gereformeerdebiblioteek.co.za](http://www.gereformeerdebiblioteek.co.za)) diensbaar kan wees aan die gereformeerde leer en lewe in Suid-Afrika, tot eer van Hom wat ons so 'n ryk erfenis gegee het!

Cobus Bron  
Johann Struwig  
Willem Swanepoel  
Jopie van der Linden  
([jopie1976@gmail.com](mailto:jopie1976@gmail.com))

# REGERING TOT 2014

## In Pers-pektief

Die verkiesings is weer verby. Die pers en ander media was in hoogste rat daarvoor. Die uitslag het ons dalk teleurgestel of met 'n gevoel van berusting gelaat. Daar sal seker min lesers wees wat opgewonde is oor die uitslag (moontlik die Kapenaars oor die DA se vertoning in die Wes-Kaap). 'n Belangrike vraag is of ons iets uit hierdie verkiesing kan leer en hoe ons verder moet gaan as Christene in Suid-Afrika in ons verhouding met die owerheid. Moet ons dalk politieke apaties bly tot die volgende verkiesing (DV oor vyf jaar in 2014) of is daar plek vir voortgaande aksie? En indien wel, hoe dan?



Die groot oorwinnaar van die afgelope verkiesing is die ANC. Al het hy 15 parlementsetels verloor, bly hy met 66% van die 400 setels 'n gerief-

like meerderheid behou. Die DA het ook baie goed gedoen met 'n groei van 17 setels en hy het die Wes-Kaapse provinsiale regering van die ANC oorgeneem. Die nuwe COPE-party is nou met 30 setels in die parlement. Die verloorders is die kleiner partye, wat amper almal feitlik gehalveer het. Die VF+ het sy 4 setels behou met 'n stabiele basis van Afrikaner-kiesers.

Daar is verskeie maniere om as parlementêre opposisie te funksioneer. Jy kan die regerende party kritiseer oor sy beleid en sy uitvoering (of gebrek aan uitvoering) daarvan. Deur kritiek uit te oefen, kan jy help om swak beleid te keer en te verbeter en daardeur die land se belange beter te dien. Die ander manier van opposisie voer is om, soos die PAC, Afrika-ideologiese belange te behartig of, soos die VF+, die belange van Afrikaners te beskerm en te bevorder. Die SAKP bevorder sy kommunistiese ideologie deur binne-in die ANC te werk, waar hulle 'n oneweredige groot verteenwoordiging het. As hulle selfstandig buite die ANC sou opereer, sou hulle

waarskynlik net so klein en betekenisloos wees as die PAC. Die ACDP (van 7 na 3 setels) vervul die rol van 'n "getuigenis"-party deur te getuig van die gesag van Christus en die norme van die Bybel en Christelike waardes vir die samelewing te propageer, veral in etiese kwessies.

Ons sou uit die verkiesingsuitslag kon aflei dat kiesers duidelikheid soek. Die meeste kiesers (die groot groep jong kiesers?) meen blykbaar dat daar, eerder as 'n hele aantal klein partye, slegs een of twee groot opposisiepartyte moet wees teenoor die ANC. En hierdie opposisiepartyte moet dan soveel as moontlik saamwerk. Die ANC verkies ook self om met groot partye te praat eerder as met 'n klomp klein groepe. Dit blyk o.a. uit die ignorering van briewe van die kleiner kerke soos die GKSA en die VGKSA. Ons moet dus as Christene soveel as moontlik "ons stem dik maak" om met die regering te praat. Dit kan ons doen deur saam te werk met gelykdenkendes oor Christelike norme vir die land (al verskil die kerklike denke of belydenisse oor geloofsake).

Hierdie is egter 'n saak vir kerklike besinning. Moet die gereformeerde kerke ook, soos baie bepleit, 'n maatskappy-kritiese rol speel en moet die kerk as instituut (deur sinode-deputate) met die politici praat? Of moet die kerk as instituut hom slegs besig hou met evangelieverkondiging en die gelowiges hierdeur toerus vir die volle lewe? Lê die verantwoordelikheid vir politieke deelname nie eerder by die gelowiges nie en moet dit bevorder word? (Oor die natuurlike neiging van kerke om as instituut al hoe sterker te word ten koste van die kerk as vergadering van gelowiges, is nog baie om te sê).

Wat kan ons as gelowiges dan prakties doen in hierdie groot gewoel van die politiek? In die eerste plek: bid. Bid vir die regering van mnr Zuma, dat hulle wysheid mag ontvang om die land goed te regeer en die welsyn van alle burgers te bevorder, soos hulle ook beloof het in die aanloop tot die verkiesing. Ons moet ook bid vir voortdurende breë geloofsvryheid, vir die verkondiging en verbreiding van die evangelie, maar ook vir die onbelemmerde deurwerking daarvan in die samelewing. Verder moet ons ook bid vir die opposisie, dat hulle met wysheid sal optree om op 'n gesonde dialektiese manier (teenoor die regering) uit te wys waar foute gemaak (sou) word en wat die beter alternatiewe sou wees.

Maar behalwe bid kan ons as gelowiges en burgers ook self aktief wees of raak in die politiek. Ook hier geld: "ora et labora" – bid en werk. Op plaaslike vlak kan ons aktief meeleeft met die gebeure in ons munisipale wyke en kontak hou met die verkose raadslid. Ons kan ook deur artikels of briewe-van-lesers in koerante probeer getuig van Christelike norme vir en rigting gee aan die ontwikkelings in die samelewing. Die uitdaging hierby is om gehoor te word deur die regerende strukture. Dalk lees hulle koerante. Ons kan ook die saamgaan van Christelike politieke partyte bevorder deur by een van hulle aan te sluit en die gesprek van binne uit te stimuleer. So hoef ons nie stil te bly op politieke gebied tot oor vyf jaar nie.

**Hans Moes** is 'n lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk, Bellville.

## Reaksie : VERKIESING 2009

### Reaksie

*Die artikel oor die verkiesing 2009 het my bitterlik teleurgestel. Dit wat ek elke dag in die nuus lees en sien, het sy pad gevind in die Kompas. Ek het gedink dat die Kompas 'n Christelike/rigtinggewende blad was. Omdat dit maklik en goedkoop is om kritiek te lewer, het ek iets geskryf wat na my beskeie mening u leserskring sal help in hulle keuse vir 'n politieke party.*

Dit is Paasfees, ek lees die *Kompas*. Die verkiesing is op hande. Maar Christus regeer die wêreld.

ANC	<input type="checkbox"/>
ACDP	<input type="checkbox"/>
DA	<input type="checkbox"/>
VF +	<input type="checkbox"/>
CHRISTUS	<input checked="" type="checkbox"/>

Christus wat regeer, het alles te doen met Paasfees. Maar wat het Christus te doen met die politiek en my keuse vir 'n politieke party? Ek herinner my 'n artikel uit *Nader Bekeken* van Mei 1995. Hier volg 'n opsomming van die inhoud daarvan.

#### **Christus regeer**

Christus is die Hoof van die kerk en deur Hom regeer die Vader alle

dinge. Christus as Hoof van die kerk en Christus as Koning van alle konings is nie twee aparte en los moonthede nie. En daarom mag ons nie die twee van mekaar skei nie.

### **Christus regeer**

Dit bring nie 'n ideaal onder woorde nie, iets wat die Christene moet verwesenlik nie. Intendeel, hierdie belydenis praat van 'n realiteit. 'n Realiteit wat elke mens aangaan, en elke mens raak. 'n Werklikheid wat alleen met die oog van geloof gesien kan word. En alleen so aanvaar en bely kan word.

### **Christus regeer**

Hierdie belydenis is die hoeksteen van Christelike politiek. Daarom is Christene in die politiek nie aktief besig om hulle eie plekkie onder die son te verower of te beskerm, waar hulle 'n veiliger en rustige lewe kan lei, nie (taal en kultuur?). Hulle politieke aktiwiteit is belydend, en bestaan hoofsaaklik daaruit om herout te

wees. Dit wil sê, die uitdra van die Koningskap van Christus. Christelike politiek is gerig op die hart van die nasie, en nie op magsvorming nie. Christelike politiek wil die owerheid en haar onderdane daartoe bring dat hulle die Koningskap van Christus erken.

### **Christus regeer**

Hierdie Christus is die Christus van die Skrifte. Daarom beywer die Christelike politiek hom vir die erkenning van die volstreckte soewereiniteit van die geskrewe Woord van God, en ook oor almal se lewe. Die wettelose wêreld, en die op sigself gerigte mens verset hom hierteen. Christelike politiek sal daarom altyd teenstand ondervind (vreemdelingskap).

### **Christus regeer.**

#### **Dit is waar.**

Aan Hom is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Christus wil dat die evangelie uitgedra word, ook in die samelewing, ook

teenoor die owerheid en die volksvertegenwoordigers. Die bely en getuig daarvan behoort tot die amp van die Christen.

### **Christus regeer.**

#### **Dit is waar.**

Marginalisering, verdrukking en vervolging is nie 'n bewys van Christus se onmag nie. Hy het dit vir sy dissipels voorspel toe Hy op aarde was.

### **Christus regeer. En Hy kom weer. En Hy werk haastig daaraan. Dit is 'n werklikheid.**

Al is die verkiesing verby, laat ons altyd ons kruisie trek langs die kruis van Christus.

*Kryn Haak is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk van Kaapstad.*

## VERDER nadink

### Reaksie

Die artikel "Wat maak van kerk 'n Kerk?" in *Kompas* van Mei 2009 eindig met 'n oproep tot verdere nadenke en bepaling van beleid en prioriteite. Aan die oproep wil ek graag gehoor gee.

#### **Kenmerkende eienskappe?**

Broeder Hans Moes gee die inhoud van die vraag van dr Elsa Büchner, naamlik: "wat maak van kerk 'n KERK?" as volg weer: "Hierdie vraag vra na die wesenskenmerke van 'n kerk. Wat presies bepaal die kenmerkende eienskappe van 'n kerk, en hoe is en funksioneer 'n kerk anders as ander organisasies, soos belangeverenigings, stokperdjieklubs, welsyns-organisasies, ens?"

Hy ag dit 'n belangrike vraag in verband met die praktiese betekenis van die kerk vir ons tyd en waar die prioriteite van 'n kerk moet lê. Hy aksentueer dit nog met 'n vraag van dr Braam Hanekom oor die rol en nodigheid van belydenisse en van professore uit

Potchefstroom: "Is die kerk vir die geloof op Sondag en die wetenskap vir die lewe in die week?"

Ongelukkig het broeder Moes nie die vinger by die vermenging van eienskappe en kenmerke van die KERK gelê nie, waardeur die rigting van die vervolging van die artikel min of meer onduidelik word.

Die Hoof van die Kerk het naamlik die volgende eienskappe aan die KERK gegee:

1. Eenheid 2. Heiligheid 3. Algemeenheid 4. Apostoliteit. Hierdie eienskappe maak geen organisasie tot kerk nie. Want van die KERK bely ons immers dat die Seun van God vir Hom 'n gemeente vergader! (Sondag 21). Die eienskappe gee Christus aan die KERK wat Hy vergader. Uit die laatste eienskap: 'die leer van die apostels' wat Hy aan die KERK gegee het, volg die geloofswerke van die KERK wat in die drie kenmerke van die KERK na vore kom!

## 'n Sosiologiese ompad

Vir die praktiese invulling van die uitsette van die kerk na binne en na buite: **waarmee** rus ons lidmate toe en **hoe** help ons die armes die beste, het dr B chner uit die boek van godsdiens-sosioloog Georg Barna nege gewoontes aangehaal. Broeder Moes neem voorbehoud ten opsigte van die geestelike agtergrond waarmee Barna 'doeltreffende kerke' definieer, maar ag die gewoontes wel nuttig om kennis van te neem en in Bybelse lig te toets.

Hierdie kerke:

1. het doeltreffende geestelike leiers en ondersteuningstrukture,
2. het strukture wat effektiwiteit ondersteun en lidmate betrek,
3. het lidmate wat betrokke is en hul gawes in diens van die kerk stel,
4. fasiliteer weeklikse aanbidding en investeer in goeie eredienste,
5. werk aan betekenisvolle tussen-menslike verhoudings,
6. het Skrifgetroue lering en help mense om geestelik volwasse te word,
7. het 'n strategiese evangelisasie-program waar gelowiges toegerus word om spontaan met ander oor hul geloof te praat,
8. het 'n holistiese benadering tot rentmeesterskap, en
9. is nie gerig op eie lidmate nie, maar bedien die (nood in die) gemeenskap.

Br Moes noem die eerste drie organisatories van aard, 4 op God gerig, 5 en 6 intern-gerigte en die laaste drie na buite-gerigte doelstellings. Die laaste ses kenmerke is dus uitkoms- of doelgerig.



### Toetsing

Die Bybelse lig vind br Moes in die belydenis van die kerk, maar net so min as die Skrif, so min stel ook die belydenis geen uitkoms- of doelgerigte eise aan die kerk nie.

Hierdie uitkoms-

of doelgerigte kerke onderskei hul nie van organisasies, belangeverenigings, stokperdjieklubs nie wat almal deur 'n bestuur of lidmate gestelde doel nastreef. Daarom het ek vir hulle 'kerk' met klein letters geskryf, terwyl ek die KERK van Christus in hoofletters weergegee het.

Jesus Christus het sy dissipels en in hulle die KERK 'n opdrag gegee om te vervul: "Gaan dan heen, maak

dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matt 28:19) Van hierdie opdrag geld ook: "so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan; dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur" (Jes 55:11). Vir die KERK sal sowel uitkoms as doel altyd in die hand van die Here bly!

Sondag 21 meld nie dat die kerk 'n vergadering van gelowiges wat tot die ewige lewe uitverkies is nie, maar 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is. Die gemeente word deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin tot die einde van die wêreld vergader, ens. Dit is nie die uitverkore gelowiges wat vergader word nie, maar di  wat uitverkies is, word deur die genademiddele van Gees en Woord in die eenheid van die geloof vergader. Ons sekerheid lê nie in die uitverkiesing nie, maar in die Woord van God, en die hoop beskaam nie. (sien Rom 5:1-5) Hoe heerlik dat ons nie eers sekerheid van ons uitverkiesing moet kry nie, voordat ons kan glo!

Die KERK is ook nie 'n vergadering van alle gelowiges nie, want artikel 28 NGB s  duidelik dat dit die plig van alle gelowiges is om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie en hulle by die vergadering aan te sluit waar God dit ook al gevestig het. Selfs in die Kerk is nie almal gelowiges nie. In artikel 29 NGB bely ons dat daar in die KERK huigelaars is wat met die goeies vermeng is en tog nie aan die kerk behoort nie.

### Regte gewoontes

Teenoor die nege gewoontes van doeltreffende kerke wil ek nege regte gewoontes van die Kerk stel. Die KERK:

1. het een geestelike leier, naamlik Christus, en herders wat die gemeente van God versorg (Hand 20:28);
2. het herders wat hul medelidmate ondersteun en hulle tot effektiewe dienswerk in die opbouing van die liggaam van Christus toerus (Ef 4:12);
3. het lidmate wat hul sondige natuur met sy werke kruisig en hul gawes in diens van Christus stel (Gal 5:24 en 25);
4. gaan vrymoedig met hul gebede tot die troon van genade (Hebr 4:14-16) en het opsieners wat volgens die leer aan die betroubare Woord vashou (Titus 1:7-9);
5. is een van hart en siel en dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus (Gal 6:1 en 2);
6. almal gedra hulle ooreenkomstig die suiwer Woord van God (Joh 8:47) en verwerp alles wat daarmee in stryd is (Openb 2:2), en erken Christus as die enigste Hoof (Kol 1:18);

7. is die lig van die wêreld wat die evangelie nie wegsteek nie, maar uitdra en dit so laat skyn dat die wêreldse mense die goeie werke kan sien en God in die hemel kan verheerlik (Matt 5:13-16);
8. is in die wêreld rentmeester van al die skatte en gawes wat van Christus ontvang is, maar is tog nie van die wêreld nie (Joh 17:11-14);
9. word nie moeg daarvan om aan almal goed doen nie, maar doen die meeste goed aan die huisgenote van die geloof (Gal 6:9 en 10).

Hierdie regte gewoontes gee KERKlidmate voldoende werk, sodat dit onnodig word om hulle met beleid en prioriteit-bepalings te vermoei.

Daarteenoor word die doeltreffende kerke teen 'n agtergrond geteken waaruit blyk dat die kerke nie

bestaan omdat hulle die stem van die goeie Herder, Christus, ken en Hom volg nie (Joh 10:4), maar dat die kerke bestaan uit geestelike leiers en ondersteunende strukture wat die diens bepaal. Die kerke het dan ook nog lidmate wat daardie kerke dien! Heeltemal die teenoorgestelde van Markus 10:42 en 43. Hierdie doeltreffende kerke sal dan ook hulle prioriteite en beleid telkens by veranderings in die samelewing moet aanpas. Geeneen van die doeltreffende kerke kan die toets van die kenmerke van die KERK deurstaan nie. Skriftuurlik soos ons belydenis sê: hulle behoort nie aan die KERK nie!

**Rein van den Berg** is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.

## 'n Aand in die straat - repliek

### Reaksie

Ek was werklikwaar verheug oor die reaksie(s) op my artikel: "'n aand langs die straat". Ek is bly oor die eerlike vrae en opmerkings wat gevra word. Graag wil ek daarop reageer. Nie om myself te verdedig of te regverdig nie. Ek wil graag saam met u worstel oor die armoedeprobleem wat ons elke dag in die gesig staar. Ook ek vra myself baie keer af: "Wat sou Jesus gedoen het ten opsigte van al die bedelaars?" Voorwaar 'n goeie vraag!

Wat sou Hy gedoen het? Miskien sou Hy eerder met die wit man waarna u verwys, gepraat het. Dalk het ek verkeerd opgetree. Die artikel is nie geskryf om as voorbeeld te dien hoe dinge gedoen moet word nie. Die artikel is die vrug van my worsteling. 'n Uitvloeisel van die pyn wat ek ervaar, juis as gevolg van my sondige reaksies op die werk van die duiwel. Ek wou egter veral getuig van God se wonderlike werk. God werk, selfs op vuil straathoeke. Om met die Zimbabwiërs Bybelstudie te doen, was soos om 'n wonderlike blom in die woestyn op te spoor.

'n Sonstraal in die duister. Iets waarvoor ons God mag loof! God laat ons nie vaar nie.

Ek wil graag met u die gevolge van hierdie een nag deel. Die nag op straat is alweer meer as 'n halfjaar gelede. Ek het nog steeds weekliks kontak met twee van die Zimbabwiërs waaroor ek geskryf het (later het 'n derde een bygekome). Een keer 'n week hou ons saam Bybelstudie. Hulle dors na God. Die Zimbabwiërs het sodanig gegroei dat hulle gesê het dat hulle graag iets vir hul omgewing wil beteken. Die gevolg was 'n evangelisasieprojek. Tans woon die Zimbabwiërs in 'n kamer in Sunnyside (wat deur borge betaal word). Al drie het werk (hulle verdien onderskeidelik: R85, R70 en R45 per dag). Al drie het met 'n teologiese studie ná ure begin. Hulle wil graag die evangelie met die wêreld om hulle deel. Ek het hulle bekend gestel aan die Gereformeerde Kerk in Sunnyside. Hulle neem getrou deel aan die dienste.

Oor my motivering dié een aand, wil ek nie skryf nie. Ek is nie

belangrik in hierdie storie nie. Die Zimbabwiërs is ook nie belangrik nie. Wat belangrik is, is God se werk! Hy het 'n wonder gewerk hier. In drie mans wat 'n goddelose lewe in Zimbabwe gelei het, is 'n wonder van genade besig om plaas te vind.

Dr Meijer worstel met die vraag wat om te doen met al die bedelaars. 'n Worsteling wat ons almal behoort te voel. Hy noem organisasies as moontlike oplossing. Dit is 'n goeie idee, maar ek glo dat daar 'n beter weg is. Volg Christus se voorbeeld! Maak soos Christus wat sy gelykheid aan God nie roof geag het nie, maar Homself oorgegegee het. Hy het Homself verneder tot 'n skandelijke dood. Ons mag soos Christus onself oorgee in liefdeswerk vir die bedelaar. Geld is relatief maklik om te gee. Liefde, tyd en aandag is egter veel meer werd!

In Rome was daar ook 'n groot kloof tussen ryk en arm. Wat het die eerste Christene daaromtrent gedoen? Hulle het geleer dat die Christen se lewe deur middel van soberheid in kos, klere en huis

gekenmerk moet wees. Wat oorgebly het, is in 'goeie werke' geïnvesteer. As 'n arm man kon werk, het die Christene so ver moontlik werk probeer verskaf. Die kerk het gesinne onderhou, gevangenes vrygekoop, siek mense opgeneem en verpleeg, ens. Hulle offervaardigheid was opvallend in dié opsig dat hulle meer gegee het as hulle oorskot.

Hoe kan ons vandag Christus se liefde navolg? Ek dink nie die oplossing is organisasies nie. Hoewel organisasies baie goeie werk doen, is hulle baie beperk, omdat hulle nie in staat is om vir honderde mense liefde te gee nie. Om mense te help, is daar eers-tens liefde nodig. Wil u die bedelaars help? Neem een in u huis op, illustreer Jesus se liefde deur dit uit te lewe. U kan brood of geld gee. U doen dan 'n goeie ding en moontlik kan die bedelaar daar-deur nog 'n paar dae sy gebroke bestaan voortsit.

U kan hom ook liefde en kos en klere gee. U liefde kan hom na Christus en egte heling lei!

Oorgawe is wat Christus se lewe gekenmerk het. Oorgawe is wat ons lewe vandag mag kenmerk. Oorgawe aan die medemens en God. Dit beteken pyn. Christus sê nie verniet nie: "Neem die kruis op en volg my." Lewe in ons gebroke werklikheid is 'n lewe in pyn. Goeie werke is harde werk! Teleurstellende werk! Dit is nie lekker, romanties of 'n suksesformule om mense in jou huis op te neem nie. Ook hierin mag ons Christus navolg. Hy is deur dié mense gekruisig waarvoor Hy gekom het. Ons is geroep om mekaar en die wêreld te dien deur ons liefdeskruis op te neem.

Wat van ons veiligheid en moontlik dié van ons kinders? Dit is inderdaad miskien nie altyd veilig nie. Moet ons liefdesdiens deur kommer oor aardse veiligheid agterweë bly? Christus se lewe was ook nie veilig nie. Was dit vir die barmhartige Samaritaan veilig om die Jood op die gevaarlike pad te versorg? Liefde is 'n lewensgevaarlike saak. Ook hierin mag ons bely: in U hand, o Heer, is ons lewe veilig!

Bekend aan ons is die krag van die jong kerk se lewenswandel. Wat het dit so kragtig gemaak? Nie die feit dat hulle iets gegee het nie. Genoeg nie-Christene het in dié tyd ook geld gegee vir kerke, ook geld gegee vir instansies, ens. Dit is en was nie besonder nie. Volgens my was hul krag daarin geleë dat hulle werklik gegee het. 'n Mens gee eers werklik wanneer 'n mens dit self voel. Jy gee as jy jou lewenstandaard daardeur verander. Jy gee as jy daardeur ongemak verduur. 'n Kruis is 'n ongemaklike ding. Wie sy kruis nie opneem nie, is Christus nie waardig nie (Matt 10:38).

Mag Jesus steeds meer van God aan ons openbaar, sodat ons verander van heerlijkheid tot heerlijkheid (2 Kor 3:18). Mag God ons sy Gees skenk, sodat ons ons kruis ook werklik durf opneem.

*Ruard Stolper*

## boodskap aan die jeug

praat nooit oor dinge waarvan jy niks weet nie  
want jy het nie die feite nie  
stel nooit iets uit wat jy moet doen nie  
want jy weet nie of jy môre leef nie  
probeer nooit om iemand anders te wees nie  
want jy ken nie sy sorg nie  
draai nooit jou rug op jou Skepper nie  
want sonder Hom het jy geen toekoms nie

Louis Basson



**KOMPAS** is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :**  
Shammah 26, Theunisstr, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 /  
[dskleijn@vgk.org.za](mailto:dskleijn@vgk.org.za)
- **Rev MP Magagula :**  
575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 /  
[magagula@telkomsa.net](mailto:magagula@telkomsa.net)
- **Rev T Mogale :**  
19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 /  
[kgwadumogale@vodamail.co.za](mailto:kgwadumogale@vodamail.co.za)
- **Ds P Nel :**  
Fratesweg 775, Rietfontein, Pretoria, 0186; tel 012 331-0931 /  
[dsnel@vgk.org.za](mailto:dsnel@vgk.org.za)
- **Ds HH van Alten :**  
Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 /  
[hhvanalten@vgkmaranata.org.za](mailto:hhvanalten@vgkmaranata.org.za)
- **Ds E Viljoen :**  
Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530; tel 021 919-9149 /  
[emyn04@gmail.com](mailto:emyn04@gmail.com)

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**  
Hibiscusstraat 54, Chantelle 0182 tel 012 549-3668 /  
[dmboersma@vgkmaranata.org.za](mailto:dmboersma@vgkmaranata.org.za)
- **Ds PG Boon :**  
Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 /  
[pgboon@vgkmaranata.org.za](mailto:pgboon@vgkmaranata.org.za)
- **Dr JA Breytenbach :**  
Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 /  
[hmbreytenbach@gmail.com](mailto:hmbreytenbach@gmail.com)
- **Ds T de Boer :**  
Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186; tel 012 333-5602 /  
[tdeboer@vgkmaranata.org.za](mailto:tdeboer@vgkmaranata.org.za)
- **Rev J Mhlanga :**  
Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 /  
[jmhlanga@vgkmaranata.org.za](mailto:jmhlanga@vgkmaranata.org.za)

Tema volgende Kompas:  
**Calvyn 500 jaar**

# ADVERTENSIES



## Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van kooporeenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of  
Johan Hurter  
Telefoon 012-548-0126  
of epos [willie@hurterspies.co.za](mailto:willie@hurterspies.co.za)



selfsorg-gastehuis  
Vir verdere inligting en bespreking sien  
[www.wheretostay.co.za/kleinsteel/](http://www.wheretostay.co.za/kleinsteel/)  
of kontak ons:  
[kleinsteel@telkomsa.net](mailto:kleinsteel@telkomsa.net)  
telnr 021 919-4755  
Kees en Joke Begemann



selfsorg-eenheid vir maksimum 4 persone.  
Volledige inligting beskikbaar op  
[www.wheretostay.co.za/onthebalcony/](http://www.wheretostay.co.za/onthebalcony/)  
of [ingridkl@iafrica.com](mailto:ingridkl@iafrica.com)  
of 021 910-2260  
Gert & Ingrid Klapwijk

## KOMPAS

Weet u van iemand wat dalk sal belangstel om KOMPAS te lees?

Stuur asb vir ons die besonderhede vir 'n gratis 3 maande toesending

Posbus 23931, Gezina, 0084  
[Kompas.admin@vgk.org.za](mailto:Kompas.admin@vgk.org.za)

U kan die administrasie van

## KOMPAS

ook kontak vir:

- geskenkbewyse
- nuwe intekeninge
- geskenk-intekeninge
- advertensies



**GORDONSBAAI - HOOGGENOEG**  
3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone met uitsig op see en berge.  
Vir verdere inligting en besprekings kontak ons by:  
[jettysalomons@telkomsa.net](mailto:jettysalomons@telkomsa.net) of  
082 320 6577 of  
021 8560736  
Piet en Jetty Salomons

# Boekenuus

## **Die Gesonde Leer** deur **Prof PJ de Bruyn (R40.00)**

Hierdie boek bestaan uit twee afdelings. Die eerste afdeling handel oor die kerk, belydenisskrifte en belangrike punte van die gereformeerde leer, kerkbywoning, erediens, sakramente, tug, ens. Die tweede deel gaan oor etiese vraagstukke van die Christelike lewe. Eenvoudig uiteengesit, dog baie insiggewend met teksverwysings.

## **Heart Aflame: Daily Readings from Calvin on the Psalms** deur **John Calvin (R95.00)**

Calvyn beskryf die Psalms as: "an anatomy of all the parts of the soul". Elke ondervinding, elke emosie, al die dieptes en hoogtes, die vreugdes en hartseer, al die geheime van 'n mens se lewe is vasgelê in die psalms. In hierdie werk van Calvyn sien ons hoe Christus die fokus is deur die hele Bybel. Sinclair B Ferguson beskryf hierdie boek soos volg: "In these pages you

will find the Spirit-inspired biblical anatomy of the psalms and the hands of an outstanding physician and surgeon of the spirit. Reading them on a daily basis can hardly fail to bring you spiritual health and strenght... Calvin seems to come to us from within the Bible, from inside the reality described in the text. He had learned the meaning of the command to love God 'with all your mind'."

## **Altijd veilig - Gods vasthouden en ons volhouden** deur **Ds Henk Drost (R112.00)**


Gaan jy belydenis van geloof aflê, of het jy dit alreeds gedoen, of weet jy nie of jy dit moet doen nie? Dan is hierdie boekie vir jou geskryf. Hierdie boekie gaan oor God se "vasthouden" (bewaring) en ons volharding. Oor veiligheid by God, oor eensaamheid sonder God. Hierdie soort ervarings staan warm en herkenbaar beskryf in die Dordtse Leerreëls paragraaf 5, wat handel oor die kragtige bewaring van struikelende mense deur God. In hierdie boekie vind jy persoonlike Bybelstudies. Ook kan dit gebruik word op vereniging of saam as gemeente.

## **Belydenisse: Getuienis oor 'n lewe in God** deur **Augustinus (R140.00)**

Augustinus se Belydenisse is eintlik 'n reis, 'n soekende hart se ekspedisie tot in die hart van die lewende en genadige God. Dis meer as 'n lewensverhaal; dis 'n intieme leesavontuur, een lang gesprek met die God wat na jou uitreik en jou omvorm. Dit bevat in werklikheid een lang gebed - 'n bundel met 13 boeke wat rofweg in drie dele uiteenval:

- Belydenis van sonde deur die lens van die *verlede*;
- Persoonlike getuienis onder vergrootglas van die *hede*;
- Geloofsbelydenis (die Bybel oor God Drie-enig) vir *alle tye*.

Aangrypend en openhartig vleg hierdie groot kerkvader uit Afrika die vertelling oor sy onstuimige lewensloop ineen met kernsake van ons algemene geloof. So slaan die lewensverhaal oor in 'n kragtige getuienis en uiteindelik geloofsbelydenis oor die hoofsaak wat gelowiges oor alle tye saambind: "U het ons vir U geskep. Ons hart is onrustig in ons totdat dit rus vind in U" (Boek I/1).



**FOLMER BOEKHANDEL**

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530

Tel: (021) 948-5883

e-pos: [folmerboek@telkomsa.net](mailto:folmerboek@telkomsa.net)

Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)

Irene van der Meer

Laseandralaan 115

0186 Môregloed

Tel/Faks: (012) 333 8064

e-pos: [folmerpta@telkomsa.net](mailto:folmerpta@telkomsa.net)

Posbus 26489

0031 Gezina

**Stigting Woord en Wandel  
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)  
Berend Kamphuis  
Louise Ros (administrasie)

Posbus 23931, Gezina, 0031  
Tel 012 332 0127  
E-pos (stigting & administrasie):  
[kompas.admin@vgk.org.za](mailto:kompas.admin@vgk.org.za)

**Drukker:**

Printburo Tel 012 335 9134

**Redaksie:**

Ds Erik van Alten  
Jan de Mooij  
Kees Roose  
Marlene de Vente  
Irene van der Meer  
Arnoud van den Bout

**Subredakteurs:**

Onderwys en Opvoeding:  
Heleen Snijder  
Wilma Pouwels  
Elders Gelees:  
Ds Erik van Alten  
Samelewing & Politiek:  
Willie Spies  
Leer en Lewe:  
Ds Kees Kleijn  
Wetenskap & Tegnologie:  
Lodewijk IJst  
Geskiedenis & Kerkgeskiedenis:  
Dr Jan Meijer  
Sending & Evangelisasie:  
Jan de Mooij  
Kuns & Kultuur/Resensies:  
Jenny Boon  
Klip in die Bos:  
Hans Moes  
Onderhoude/Verslae:  
Greet de Vries

**Redaksieadres:**

Cunninghamlaan 1301  
Waverley 0186  
e-pos : [kompas@vgk.org.za](mailto:kompas@vgk.org.za)

**Advertensies:**

Navrae by die Administrasie

**Elektroniese betalings:**

Stigting Woord en Wandel  
Nedbank Gezina  
Takkode : 16 03 45  
Reknr : 1603 031 820  
Vermeld asb u naam en lidnommer

**Intekengelde (per jaar):**

RSA per e-pos : R50  
RSA per hand : R100  
RSA per pos : R125  
Buiteland per e-pos : €10  
Buiteland per seepos : €30  
Buiteland per lugpos : €40

# Die Olielamp

**REDAKSTE:**

**Hoofredaktrise:**  
Marjolein Stolper  
[marjolein.stolper@gmail.com](mailto:marjolein.stolper@gmail.com)

**Kaapstad:**  
**Subredaktrise:** Elise Bijker  
[elisegeerts@gmail.com](mailto:elisegeerts@gmail.com)  
**Lede:** Rigardt Hoving, Niek Geerts,  
Helene Hofsink, Robert van der Berg

**Pretoria**  
**Subredaktrise:** Mariëtte Bron  
[mjbron@magalies.net](mailto:mjbron@magalies.net)  
**Lede:** Arjan van Houwelingen, Rynier Ros,  
Germaï Nel, Eleanor Bron

**Pretoria Maranata:**  
**Subredaktrise:** Wilna Kerkhoff  
[wkerkhoff@hotmail.com](mailto:wkerkhoff@hotmail.com)  
**Lede:** Cobus Kampman,  
Rudolf van den Berg, Janneke van der Hout

**ADMINISTRASIE:**

**Administrateur:** Sietze Snijder  
**Illustrasies:** Henrike Rös  
**Taalversorger:** Hilde Kamphuis  
**Uitleg:** Gerrit Bron  
**Voorblad:** Alex van Houwelingen

Ons hoop om Die Olielamp  
10 keer per jaar uit te gee.

Indien u Die Olielamp per e-pos  
wil ontvang, kan u 'n e-mail stuur vir  
[marjolein.stolper@gmail.com](mailto:marjolein.stolper@gmail.com)

Die uitgawes is ook elektronies  
beskikbaar by die volgende internet adres:  
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>